Roep Die Wagters

24/7 Gebed
Riglyne en gebedsmodelle

1 Afdeling 1 - Verhale en modelle van 24/7 gebedswake 4
1.1 Ou Testament 5
1.2 Esseners 5
1.3 Vroeë Christelike kerk 5
1.4 Die Egiptiese woestyn 5
1.5 Morawiërs 6
1.6 Internasionale Huis van Gebed (IHOP– Kansas City) 6
1.7 Jerusalem House of Prayer for all Nations 7
1.8 Pole 24 7
1.9 US/DC Prayer Watch, Washington DC, VSA 7
1.10 Gebedstorings in Indonesië (Prayer towers) 7
1.11 Gebedswag vir dwelmafhanklikes 8
1.12 Gebedskamers in gemeentes 8
1.13 Vyftien dorpe in 'n 5-weke gebedsiklus 8
1.14 Townships/plakkerskampe deurdrenk met gebed 8
1.15 Die jeug en 24/7 9
1.16 Denominasies en Christelike organisasies 9
1.17 Prayer Mountains 9
1.18 Woord gebedswake 10
1.19 Tronke 10
2 Afdeling 2 - Hoekom nag en dag gebed 11
2.1 Skriftuurlike basis vir nag en dag gebed 11
2.2 Voordele van nag en dag gebed 12
2.3 Gebed en aksie 13
2.4 ‘n Kort studie oor die gebruik van die woord "waak" in die Skrif 13
3 Afdeling 3 - Algemene riglyne 15
3.1 Plekke wat gebruik word vir gebedswake 15
3.2 Verskillende benaderings om mense betrokke te maak 15
3.3 Frekwensie van betrokkenheid 16
3.4 Verskillende name wat gebruik word vir nag en dag gebedswake 16
3.5 Die gebedsfokus van gebedswake 16
3.6 Handige webruimtes 17
4 Afdeling 4 - Hoe om 'n gebedskamer te bestuur 18
4.1 Riglyne vir die vestiging van 24-7-365 gebedswake 18
4.2 Waardes en beginsels vir die opbou van 'n 24/7 gebedswaak 19
4.3 Riglyne vir die vestiging van 'n 24/7 dae gebedswaak (168 uur) 20
4.4 Voorbeeld van 'n interaktiewe gebedskamer met gebedstasies 24
5 Afdeling 5 - Waarvoor om te bid 28
5.1 Enkele algemene riglyne waarvoor om te bid 28
5.2 Gebedspunte vir gebruik om vir jou gemeenskap, dorp/stad, land en die wêreld te bid 29
6 Afdeling 6 - Hoe om 'n uur in gebed deur te bring 36
6.1 Model 1 ('n praktiese gids oor hoe om vir een uur te bid) 36

6.2 Model 2 ('n praktiese gids oor hoe vir een uur te bid (12 x 5 min)).....41
7 Afdeling 7 - Bid die Woord.....48
7.1 Hoekom ons die Woord moet bid.....48
7.2 Hoe om die Woord te bid.....49
7.3 30 Woordgebede.....50

1 Afdeling 1 - Verhale en modelle van 24/7 gebedswake

1.1 Ou Testament
1.2 Esseners
1.3 Vroeë Christelike kerk
1.4 Die Egiptiese woestyn
1.5 Morawiërs
1.6 Internasionale Huis van Gebed (IHOP-Kansas City)
1.7 Jerusalem House of Prayer for all Nations
1.8 Pole 24
1.9 US/DC Prayer Watch, Washington DC, VSA
1.10 Gebedstorings in Indonesië (Prayer towers)
1.11 Gebedswag vir dwelmafhanklikes
1.12 Gebedskamers in gemeentes
1.13 Vyftien dorpe in 'n 5-weke gebedsiklus
1.14 Townships/plakkerskampe deurdrenk met gebed
1.15 Die jeug en 24/7
1.16 Denominasies en Christelike Organisasies
1.17 Prayer Mountains
1.18 Woord gebedswake
1.19 Tronke

Verhale en modelle van 24-7 gebedswake

Sedert die begin van 1990 is daar wêreldwyd 'n nuwe klem op 24-uur gebedswake. Dit is 'n God-geïnspireerde beweging wat besig is om oor die hele wêreld te versprei. Teen die middel van die dekade van die negentigerjare was daar slegs 'n paar dosyn aktiewe 24-uur gebedswake in die wêreld. In minder as tien jaar het hierdie getal tot 'n paar duisend gegroei. Die doel met hierdie 24-uur gebedswake is om wagters op die mure te vestig: om gemeentes, streke en nasies te mobiliseer om letterlik dag-en-nag tot God te nader in lofprysing, aanbidding en intersessie.

In die wêreldwye gebedsbeweging is daar 'n aktiewe proses om gebedswake te vestig. Gemeentes, dorpe, stede, lande en kontinente word gemobiliseer om 24-uur elke dag in gebed voor God se troon te staan om Hom te aanbid, te loof en te pleit vir die nasies. Daar word gebid vir herlewing in die kerk en vir

wêreldevangelisasie, asook vir die transformasie en genesing van stede en lande om so die Groot Gebod en die Groot Opdrag uit te voer.

Die ideaal is om duisende gemeentes in elke land op te roep om in hulle gemeenskappe 24-uur gebedswake op te rig. 'n Beginpunt is *om individuele gemeentes sover te kry om te begin om vir minstens een dag per week vir 24 uur te bid en dit daarna stelselmatig uit te bou.* Tweedens word gemeentes aangemoedig om saam met 'n aantal ander gemeentes 'n 24-7-365 dag-en-nag gebedswag te vorm waar hulle letterlik 24-uur per dag vir hulle gemeenskap, dorp/stad en die land bid. Die droom is om hierdie konsep in elke land in die wêreld te vestig. Maar die gedagte is ook om sulke gebedswake in dorpe, stede, nasies en kontinente te vestig sodat daar regoor die wêreld dag-en-nag gebed voor die troon van God vir 'n gebroke en stukkende wêreld sal wees.

Verhale en modelle van 24-7 gebedswake

Die volgende paragrawe gee 'n aantal voorbeelde van dag-en-nag gebed in die geskiedenis van die kerk:

1.1 Ou Testament

In Eksodus en Levitikus moes priesters die lampe in die tempel aan die brand hou. Die Here was streng daarop dat die vuur op die altaar nie geblus mag word nie. Die priesters is in skofte verdeel om elkeen van die dag se 24 ure met gebed, aanbidding en sang vol te maak.

1.2 Esseners

In die tyd van Jesus het een van die vier hoofvertakkings van Judaïsme; die Esseners, 24-uur gebed toegepas. Die gemeenskap is in drie verdeel, sodat hulle beurte kon maak om elke derde nag om die beurt deur die nag wakker te bly om te bid en te sing.

1.3 Vroeë Christelike kerk

Die vroeë kerk is uit 24/7 gebed gebore. Dit word geredelik aanvaar dat die apostels tien dae lank eendragtig saam gebid het voordat die Gees op Pinkster uitgestort is.

1.4 Die Egiptiese woestyn

In die derde en vierde eeu het baie Christene in Egipte die woestyn ingegaan vir gebed en stilte. Baie vroom manne en vroue het hulle in die woestyn gevestig en die werk van sommige van hulle is tot vandag toe bakens van lig. Daar word dikwels na hierdie tydperk verwys as die tyd van

die woestynvaders. Die volgende is 'n voorbeeld van so 'n gebedsbeweging: In die westelike gedeelte van die Egiptiese woestyn, in 'n gebied bekend as Wadi El Natrun (die Vallei van Sout), is daar byvoorbeeld vier kloosters deur St. Makarios gebou. (Dit was nie al kloosters wat in daardie area gebou is nie, maar hierdie dien as voorbeeld.) Rondom elkeen van hierdie kloosters het tussen 8 000 en 10 000 monnike in afsondering gewoon (ongeveer 40,000 in totaal), met gebed as hul vernaamste aktiwiteit. Hulle het tussen 12 en 20 ure per dag gebid. Hulle het *daagliks* al 150 Psalms, die profetiese boeke en groot dele van die Nuwe Testament sistematies deurgebid! Hierdie dag-en-nag gebede het tot herlewing gelei wat soos 'n vuur vanaf Egipte na Ethiopië, Sirië, Griekeland en ander dele van Europa en Rusland versprei het. Die evangelie het dwarsdeur die hele Noord-Afrika versprei. Die monnike was in der waarheid besig met 24-uur gebed. Hulle het die Woord en die beloftes van God dag-en-nag gebid.

Baie van wat vandag op die terrein van die wêreldwye gebedsbeweging plaasvind, is korporatiewe/gesamentlike gebed. Daar is krag in die beginsel daarvan opgesluit, maar ook 'n swakheid, omdat dit nie noodwendig 'n gelowige se persoonlike gebedslewe bevorder nie. Gelowiges kan baie leer uit die lewenswyse van gebed van die woestynvaders.

1.5 Morawiërs

In 1727 het die Morawiërs in Herrnhut met 'n 24-7-365 gebedswag begin wat vir 125 jaar voortgeduur het. Dit het begin met 48 mans en vroue wat in pare vir 'n uur op 'n slag gebid het. Later het meer mense by hulle aangesluit, selfs jongmense en kinders. Binne die eerste 25 jaar het die klein Morawiese kerkie van omtrent 600 lede méér sendelinge uitgestuur as die ganse Protestantse kerk oor die vorige 200 jaar. Die herlewing in die vroeë 18de eeu, die Morawiese kerke in baie lande en die ontstaan van die Metodiste Kerk het o.a. hul oorsprong by hierdie gebedswag gehad.

1.6 Internasionale Huis van Gebed (IHOP– Kansas City)

In die middel 1980's het die Here vir Mike Bickle geroep om 'n lewe van gebed te volg. Hy het 'n aantal gebedsgroepe gestig en het begin om daagliks meer tyd in gebed deur te bring. Na sowat 13 jaar het hierdie groepe begin met 'n 12-uur per dag gebedswag en sedert September 1999 is daar 'n vol 24-7-365 gebedswag in Kansas City, genaamd die *International House of Prayer.* Hulle missie is om soortgelyke gebedswake oral in die wêreld te vestig. Mike Bickle en die span wat saam met hom werk, het 'n gebedsmodel ontwerp wat "Harp and Bowl" genoem word. Dit kombineer aanbidding, geestelike oorlogvoering en intersessie op 'n unieke

wyse (Webruimte: www.fotb.com). Hierdie gebedsmodel kan beskryf word as 'n vuuroond van gebed waar daar vir 24 uur per dag in die gees van Dawid se Tabernakel gebid word.

1.7 Jerusalem House of Prayer for all Nations

Die Jerusalem House of Prayer for all Nations is deur Tom Hess in die lewe geroep. Hy het in 1987 na Jerusalem verhuis om 'n gebedswag daar te vestig. Hierdie gebedswag funksioneer as 'n 24-uur gebedswag om vir vrede in Jerusalem te bid en vir die nasies van die wêreld. Die *Gates of Jerusalem Watch* is ook deel van hierdie gebedswag – 12 gebedspanne bid daagliks vir 2 ure by die 12 hekke van Jerusalem. In September 1999 het Hess die eerste konvokasie vir 24-uur gebedswake byeengeroep. Baie nasies is by hierdie konvokasie verteenwoordig en Hess werk tans hard daaraan om 24-uur gebedswake oral in die wêreld te vestig. Oor die afgelope dekade is etlike ander gebedswake in Israel gevestig (Webruimte: www.jhophan.org; jhophan@jhophan.org).

1.8 Pole 24

Pole 24 is 'n nasionale gebedswaak waarby meer as 50 dorpe en stede en 'n aantal gemeentes elkeen een dag per maand bid.

1.9 US/DC Prayer Watch, Washington DC, VSA

In 1988 het 'n groep nasionale Christenleiers 'n week van 24-uur gebed gereël op 'n strategiese plek in Washington DC. Die gevolge was bemoedigend. Hulle het gevoel dat die Here wou hê dat hulle daarmee moet voortgaan, maar het nie sover gekom om hierdie roeping te vervul nie. Eers in 1997 is daar 'n nuwe oproep tot gebed gemaak en is die *US/DC Prayer Watch* as 'n nasionale gebedswag gevestig om 24 uur per dag vir die VSA te bid, met spesiale fokus op Washington DC, die president en die VSA se strategiese plek in God se plan met die wêreld. 'n Sentrale gebedskalender word saamgestel met die name van individue en gebedsgroepe wat hulle verbind om te waak en te bid op 'n spesifieke uur elke week, of minstens vir 'n uur op 'n spesifieke tyd een keer per maand. Tans (2005) is daar meer as 3 miljoen bidders wat hierby betrokke is.

1.10 Gebedstorings in Indonesië (Prayer towers)

Deur die werk van die nasionale gebedsnetwerk in Indonesië is daar reeds in meer as 500 stede gebedstorings gevestig. Daar word beraam dat meer as 5 miljoen intersessors regoor die land in 'n netwerk saamgebind is. Gebedstorings bestaan in verskillende stede en die intersessors dek 'n week 24/7 waartydens daar gewoonlik 16 of meer voltydse intersessors is wat

skofte van 4 ure per dag neem. Ander bidders (individue en groepe) kom ook deur die loop van die week in om gebedsure in die gebedstoring te vul. Soms kom intersessors voltyds vir 'n maand of twee en daarna ruil hulle om met ander wat weer vir soortgelyke tydperke inkom om die gebedstoring te beman. Daar is o.a. 'n geraamde 600 000 kinders (4-14 jaar) wat weekliks by hierdie gebedstorings kom bid.

1.11 Gebedswag vir dwelmafhanklikes

'n Predikantsvrou in Pretoria, Suid Afrika het 'n seun gehad wat aan dwelms verslaaf was en ook in die okkulte vasgevang was. Sy het geweier om haar kind prys te gee en het begin bid. Mettertyd het sy 'n groep ouers gevind wat elke laaste Vrydag van die maand 'n deurnag van gebed hou vir hulle kinders wat in dwelms vasgevang was/is. Oor 'n periode van 4 jaar (2002-2005) het hierdie een deurnag van gebed per maand ontwikkel tot 36 volle 24-7-365 gebedskettings of gebedswake wat tegelykertyd vir kinders bid wat in dwelms vasgevang is. Meer as 10 000 bidders is reeds betrokke by hierdie gebedsinisiatief.

1.12 Gebedskamers in gemeentes

In die 1990's het pastoor Terry Tekyl (VSA) begin om 'n deurlopende 24 uur per dag gebedskamer in sy gemeente op te rig. Dit was uiters suksesvol en sedertdien is hy aktief besig om die konsep regoor die VSA en ook in ander lande in die wêreld te vestig. (Webruimte: www.prayershop.org)

1.13 Vyftien dorpe in 'n 5-weke gebedsiklus

In 'n plattelandse area in een van die provinsies in Suid-Afrika het 'n groep van 28 bidders vir die volle 31 dae van Mei 2004 dag-en-nag gebid. Daarna het hulle begin om 15 klein dorpies te nader om aan 'n dag-en-nag gebedswag deel te neem. Drie dorpe verdeel 'n week van 168 ure tussen hulle en neem verantwoordelikheid om elke 5de week 'n volle 24-7 te doen. Tans is hulle besig om in 4 ander areas in dieselfde provinsie soortgelyke gebedswake te vestig.

1.14 Townships/plakkerskampe deurdrenk met gebed

'n Township met die naam *Orange Farms* met 1,2 miljoen inwoners, net suid van Soweto in Suid-Afrika, het begin om die hele township met gebedswake te deurdrenk. Die township is in 10 sektore opgedeel en daar is nog 10 kleiner dorpies (out-villages) rondom Orange Farms. Soos wat die gebedswake oor die loop van bykans 'n jaar tot stand gekom het, het die misdaad begin afneem en het daar 'n stroom van bekerings begin volg. In Augustus 2004 is daar begin om 24/7 gebedswake te plant. Binne 15

maande het 45 gemeentes in die township afsonderlike gebedswake in hulle gemeentes gevestig, waarvan meer as 20 van hulle toe reeds 24 uur per dag gebid het.

1.15 Die jeug en 24/7

Waarskynlik die mees dinamiese gebedsbeweging, is die gebedsbeweging wat in 1999 onder die jeug in Engeland begin het. In September 1999 het Pete Greig in 'n klein dorpie, Chichester naby Southampton in Engeland 'n gemeente van 200 jongmense uitgedaag om vir 30 dae lank, 24-uur per dag, vir hierdie generasie jongmense te bid. Hulle het vir meer as drie maande dag en nag gebid. Teen Desember 1999 was daar 'n nuwe gebedsbeweging gevestig. Tans (2005) is daar 'n beweging wat onder die jeug as 24/7 bekend staan. Groepe jongmense neem 'n lokaal en rig dit op ‘n baie kreatiewe wyse as gebedskamer in en begin om vir 168 ure te bid, gewoonlik van Maandag tot Sondag. In sommige gevalle hou so 'n gebedswag vir 'n aantal weke aan. Wanneer hierdie gebedswake tot 24-7-365 gebedswake ontwikkel, word dit *Boiler Rooms* genoem. Dit word al meer algemene gebruik om van 'n 24-7 gebedswag as 'n *Boiler Room* te praat. Teen die begin van 2005 was daar reeds 85 lande waar hierdie 24/7 gebedsbeweging posgevat en begin groei het. Tans is daar 'n sneeubal effek. (Webruimte: www.24-7prayer.com)

1.16 Denominasies en Christelike organisasies

Vanuit die 24/7 gebedsbeweging wat in Engeland onder die jeug ontstaan het, het daar mettertyd 'n nuwe tendens na vore gekom. Aanvanklik het die *Salvation Army* in Australië en toe in Engeland, 52 van hulle takke gevra om elkeen 'n week te neem en 24-7 te bid. Onmiddellik het hierdie takke of stasies begin getuig dat die atmosfeer in die betrokke tak verander het en dat van hulle binne 'n jaar 'n verdriedubbeling in bekerings en groei gesien het. YWAM, met 16 basisse in Wes-Europa, het 'n volle jaar uitgesit waar elke basis om die beurt 'n week geneem het en die hele jaar met 24/7 gebed gevul het. Teen die begin van 2005 was daar net in Engeland alleen 13 denominasies en Christelike organisasies wat op presies dieselfde wyse begin het om die hele jaar met 24/7 gebed te vul.

1.17 Prayer Mountains

Suid-Korea is baie bekend vir *prayer mountains.* Verskeie denominasies het plekke in die berge van Korea ingerig waar daar dag en nag gebid kan word. By die meeste van hierdie gebedsberge is daar goeie huisvesting, 'n kapel, lesingsale, gebedstasies en klein gebedskamertjies (*prayer cubicles)*

waar individue op hulle eie kan bid. Christene gaan dikwels vir naweke of tydperke van tot 40 dae om daar te gaan bid (en dikwels ook om te vas). By die meeste van hierdie gebedsberge is 'n deurlopende stroom van besoekers wat kom bid. Daar word vir persoonlike sake gebid, maar ook vir die land, Noord-Korea en vir die wêreld. Volgens die kerk in Suid-Korea is 'n groot deel van die politieke behoud en stabiliteit in Suid-Korea, asook die groei van die kerk in hierdie land, te danke aan die gebed in hierdie plekke in die berge.

1.18 Woord gebedswake

'n Gemeente in Pretoria, Suid-Afrika, het gedurende die 10 Dae van dag-en-nag gebed 6-15 Mei 2005, wat deel van die Global Day of Prayer op 15 Mei 2005 was, drie verskillende gebedswake gevestig waar in elk van die drie gebedswake net uit die Skrif gebid is. In die eerste gebedskamer is die Bybel van Genesis tot Openbaring deurgelees en gebid vir die volle 240 ure. In gebedskamer twee is die Psalms, die gebede van Jesus en enkele ander gebede uit die Ou Testament gelees. In gebedskamer drie is 'n bundel met Skrifgedeeltes (duisende beloftes, bevele, die gebede van die apostels in die Nuwe Testament, Skrifgedeeltes oor die karakter van God en oor God se skeppingsdoel met die mens, ens.) gebid. Van 17-23 Oktober 2005 het gemeentes en groepe kerke in letterlik honderde plekke in Suid–Afrika saamgekom en die Woord van Genesis tot Openbaring vir 168 uur gebid.

1.19 Tronke

In Argentinië is daar verskeie tronke (bv. Olmos en Christ the only hope) waar daar dinamiese 24/7/365 gebedswake is. Daar word gebid vir die ongereddes in die tronke, hulle families en gemeenskappe, die land en die wêreld. Buitengewone getuienisse word ontvang van bekerings en veranderde lewens onder die gevangenes, sowel as ander deurbrake in die tronke in Argentinië en 'n groot deel van die vrug kan toegeskryf word aan 24/7 gebed. In Suid-Afrika het verskeie tronke oor die afgelope twee jaar by herhaling blokke van 7 dae geneem om letterlik dag-en-nag gebedswake te vorm.

2 Afdeling 2 - Hoekom nag en dag gebed

2.1 Skriftuurlike basis vir nag en dag gebed
2.2 Voordele van nag en dag gebed
2.3 Gebed en aksie
2.4 'n Kort studie oor die gebruik van die woord "waak" in die Skrif

2.1 Skriftuurlike basis vir nag en dag gebed

Die konsep van dag-en-nag gebed word geanker in 'n hele aantal Skrifgedeeltes en Skrifbeginsels. Die volgende paragrawe gee 'n aantal redes vir dag-en-nag gebed:

1 God waak 24 uur per dag oor ons (Ps.121) en Hy roep ons in Sy Woord op om saam met Hom te waak en te bid. In Openbaring 4-5 lees ons hoe die engele en die 24 ouderlinge God letterlik "dag-en-nag" aanbid. Die Bybel leer ons om te bid dat God se wil op aarde sal geskied soos in die hemel. In die hemel is daar slegs lofprysing, aanbidding en intersessie vir “24 uur per dag”. Gevolglik glo ons dat lofprysing, aanbidding en intersessie ook vir 24 uur per dag op aarde moet plaasvind. Die enigste praktiese manier waarop dit kan geskied, is deur die vestiging van 24-uur gebedswake.

2 In die Ou Testament is die vuur op die altaar permanent aan die brand gehou: "*Die vuur op die altaar word aan die brand gehou; dit mag nie doodgaan nie. Die priester pak elke môre hout op die vuur, lê die brandoffer daarop en verbrand op die altaar die vet van die maaltydoffers. Die vuur moet aanhou brand op die altaar; dit mag nie doodgaan nie."* (Lev.6:12-13) Twee van die priester se vernaamste take was: a) intersessie (deur gebede en offers); en b) lofprysing en aanbidding. Die vuur op die altaar was 'n simbool van die deurlopende aanbidding, lofprysing, intersessie en versoening wat deur die priesters gedoen is.

3 God self stel ons as wagters op die mure aan om te bid vir die vervulling van Sy beloftes: *"Ek het wagte op jou mure uitgesit, Jerusalem, hulle sal dag-en-nag roep. Julle wat die Here aan Sy beloftes moet herinner, julle moet nie stilbly nie. Julle moet nie stilbly nie totdat Hy Jerusalem herstel het, totdat Hy die hele wêreld die roem van Jerusalem laat sing het."* (Jes.62:6-7). a) Let daarop dat God self die wagters op die mure aanstel; b) die wagters moet vir 24 uur per dag voor Hom staan; en c) die wagters moet nie stilbly of Hom laat rus totdat Sy beloftes vervul is nie. Daar is duisende beloftes vir ons as

Sy kinders in God se Woord, en ons moet in opdrag van die Woord voortdurend bid vir die vervulling van hierdie beloftes.

4 In Luk.18:7 is daar 'n kragtige belofte dat God aan ons reg sal laat geskied (regstel wat verkeerd is) as ons dag-en-nag tot Hom roep (misdaad, geweld, korrupsie, armoede, dwelmmisbruik, onsedelikheid, onregverdigheid, huwelike en die VIGS pandemie): *"Sal God dan nie aan Sy uitverkorenes, wat dag-en-nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag?"*

5 Die briewe van Paulus is deurdrenk met sy eie dag-en-nag intersessie vir die kerk en die bevordering van die evangelie.

6 Om God die Vader dag-en-nag met lofprysing en aanbidding te dien, in intimiteit met God te groei en van aangesig tot aangesig met Hom te leef: (Openb. 4:8-11) – "Elkeen van die vier *lewende wesens het ses vlerke gehad, wat aan die bokant en aan die onderkant vol oë was. Hulle het dag-en-nag sonder om te rus, gesê: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom." Elke keer wanneer die lewende wesens heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê: "Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep."*

7 Bely ons sondes, verootmoedig onsself en bid vir die genesing van ons land: (2 Kron. 7:14) - *"...en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na My wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel."*

2.2 Voordele van nag en dag gebed

1 'n 24-7 Gebedswaak sal gemeentes help om die opdrag uit te voer om 'n huis van gebed vir die nasies te wees (Jes.56:7). 24-7 Gebedswake is een manier waarop gemeentes geestelike verantwoordelikheid kan neem om as wagters op die mure te staan vir gemeentes, gemeenskappe, die land en die nasies.

2 24-Uur lofprysing, aanbidding en intersessie bewerkstellig by intersessors 'n nuwe en dieper dimensie in hul verhouding met God.

3 24-Uur gebedswake fokus op die insameling van die oes.

4 Ons kan in gebedswake bid vir ons persoonlike behoeftes en die behoeftes van ons gemeenskap.

5 Nag en dag gebedswake help ons om te volhard in gebed en om aanhoudend te bid soos wat die Woord ons beveel.
6 24-Uur gebedswake bevorder eenheid tussen gelowiges omdat hulle op dieselfde sake fokus en saam daaroor bid. Dit bring ook eenheid in gemeentes en eenheid oor die grense van verskillende denominasies.
7 Dit help intersessors en gebedsgroepe om te verstaan dat hulle 'n verantwoordelikheid het en dit versterk hulle om te weet dat hulle nie alleen bid nie.
8 Die geskiedenis het getoon dat gebed 'n groot impak op gemeenskappe en op die wêreld gehad het.

2.3 Gebed en aksie

Gebed is nie 'n doel op sigself nie. Gebed bring ons in gemeenskap met God, terwyl ons op Jesus fokus. Wanneer ons begin om met Jesus gemeenskap te hê, sal Hy Sy hart aan ons openbaar en ons neem na mense wat nood het. Die doel van gebed is om ons te versterk sodat ons die Groot Gebod (om lief te hê…) en die Groot Opdrag (om te gaan…) kan uitleef.Ons bid nie ter wille van bid nie. Ware gebed sal altyd tot aksie lei: om die harte van mense aan te raak met die liefde en medelye van Christus.

1 Gebed moet altyd tot 'n sending-gerigte lewenswyse lei – om die liefde en verlossing van Jesus na mense wat verlossing, vertroosting en genesing nodig het, te neem.
2 Op die fondasie van gebed moet ek lewe soos 'n dissipel van Jesus, deur Hom te volg waar Hy ookal gaan, ongeag van die koste.
3 Gebed moet lei tot 'n lewe van medelye met almal wat 'n behoefte het.
4 Gebed is die basis waarop Christene in vrede, versoening en liefde met mekaar kan leef.
5 Gebed neem ons in 'n lewe van intimiteit met Jesus in.
6 Deur gebed ontvang ons die krag van God om getuies van die liefde, verlossing en medelye van Jesus te wees en om dit na die eindes van die aarde te neem.

2.4 'n Kort studie oor die gebruik van die woord "waak" in die Skrif

In Gen.2:15 het God ons, mense, as Sy verteenwoordigers aangestel, as wagters *(watchman, guardians)* van die tuin. Die Hebreeuse woord vir "oppas" is *shamar* - een van die drie woorde in die Ou Testament wat ook vir wagter gebruik word.

Adam is aangesê om die tuin op te pas en dit te versorg. Die ander twee woorde is *natsar* en *tsaphah*. Al drie hierdie Hebreeuse woorde dra die konnotasie van beskerm en verdedig, asook van aggressie en offensiewe optrede. Ons kan dus sê dat hierdie woorde in wese beteken om te bewaak of te beskerm deur daaroor wag te hou, te bewaar of weg te steek.

Die twee Griekse woorde vir "waghou" is *gregoreuo* en *agrupneo*. Beide dui ook op beskerming, maar beteken letterlik "om wakker of slaaploos te wees". Die woorde verwys na ‘n brandwag, 'n verkenner, 'n nagwag - iemand wie se taak dit is om wakker te bly, op die uitkyk te wees vir tekens van gevaar.

Veral in die Ou Testament moes die wagters a) oor die aangeplante gewasse wag hou; en b) optree as wagters op die uitkyk vir die vyand vanaf die mure van die stad. In die oestyd (ook in die geestelike sin), is die dienste van wagters noodsaaklik. Wêreldwyd is dit tans oestyd, daarom het ons tans wagters nodig - om oor God se oes wag te hou (Joh.17:12) en dit te beskerm. Wagters is egter ook op die stadsmure geplaas om oor die stad wag te hou, om dit te beskerm en te beveilig (Jes.21:6-8; Jes.62:6; Eseg.22:30).

3 Afdeling 3 - Algemene riglyne

3.1 Plekke wat gebruik word vir gebedswake
3.2 Verskillende benaderings om mense betrokke te maak
3.3 Frekwensie van betrokkenheid
3.4 Verskillende name wat gebruik word vir nag en dag gebedswake
3.5 Die gebedsfokus van gebedswake
3.6 Handige Webruimtes

3.1 Plekke wat gebruik word vir gebedswake

Oral in die wêreld word omtrent enige moontlike plek vir gebedswake gebruik. Die volgende is enkele voorbeelde:

- Huise en woonstelle
- Motorhuise en pakkamers
- Stoorkamers, solders of kelders
- Plakkershuise
- Kapelle of kerkgeboue
- Toegewyde gebedskamers
- 'n Kantoor of 'n plek in 'n winkelsentrum
- Binne tronke

3.2 Verskillende benaderings om mense betrokke te maak

- 'n Aantal mense met dieselfde doelstellings neem elkeen 'n uur en vul so die 24 uur
- 'n Plaaslike gemeente verbind hulle om 'n week vol te maak
- 'n Aantal plaaslike gemeentes verenig. Elke gemeente sal bv. een dag in die week neem en op die manier word 'n 24/7/365 gebedswaak gevestig
- Jongmense in hoër en sekondêre skole of universiteite/kolleges verbind hulle om 'n 24/7 gebedswaak op die kampus te vestig
- Kinders (ouderdom 6-14) word soms gemobiliseer in gebedswake. Hulle kan tye in gevestigde gebedwake neem of hulle verbind tot 'n aantal ure per week

- Al meer mense dwarsoor die wêreld verbind hulle vir periodes ('n paar maande, 'n jaar of meer) om op 'n voltydse basis as gebedsendelinge in 'n gebedswaak te dien

3.3 Frekwensie van betrokkenheid

- Sommige mense sal 'n uur per dag wil bid
- Sommige sal eenkeer per week of eenkeer in twee weke wil kom
- Ander sal van tyd tot tyd kom
- Sommige sal 'n uur-gleuf neem en ander twee ure
- Sommige kerke gebruik een-uur gleuwe, ander gebruik twee ure of 30 minute tydgleuwe
- Kinders wil dalk 10-15 minute bid
- Sommige gebedswake sal 'n plaaslike gemeente vra om een dag per week of een dag per maand te neem
- Sommige gebedswake is taamlik ongeorganiseerd en mense kom en gaan spontaan, ander is baie gedissiplineerd en verwag van deelnemers om baie stiptelik te wees en om 'n spesifieke tydsgleuf te neem.

3.4 Verskillende name wat gebruik word vir nag en dag gebedswake

- Gebedskettings
- Gebedskamers
- Huise van gebed
- “Boiler rooms”
- 24/7 Gebedswake
- Gebedstorings
- “Power houses”
- Gebedsberge

3.5 Die gebedsfokus van gebedswake

Gebedswake word om 'n verskeidenheid redes en doelstellings gevestig, bv.:

- As sentra vir lofprysing en aanbidding
- Intersessie en geestelike oorlogvoering
- Om die Woord van God te bid (bv. Global Prayer Watch, Kaapstad, Suid-Afrika)
- Vir afsondering, stilte, meditasie en bepeinsing (bv. Taize in Frankryk)
- 'n Kombinasie van aanbidding, intersessie en oorlogvoering (bv. International House of Prayer in Kansas City, VSA)

- Bid vir die nasies
- Bid vir die basiese behoeftes van die gemeenskap
- Bid vir die land: herlewing, ekonomie, politieke situasie, ens.
- Bid vir die plaaslike gemeente
- 'n Kombinasie van bogenoemde

3.6 Handige webruimtes

www.global24-7.org
www.24-7prayer.com
www.fotb.com
www.jwipn.com
www.xtremeprayer.com
www.ipcprayer.org
www.globaldayofprayer.com

4 Afdeling 4 - Hoe om 'n gebedskamer te bestuur

4.1 Riglyne vir die vestiging van 24-7-365 gebedswake
4.2 Waardes en beginsels vir die opbou van 'n 24/7 gebedswaak
4.3 Riglyne vir die vestiging van 'n 24/7 gebedswaak (168 uur)
    1. Basiese beginsels om te onthou by die vestiging van 'n gebedswaak
    2. Algemene riglyne
    3. Hoe om 'n 24-7 gebedskamer te bestuur
    4. 'n Paar ander idees
4.4 Voorbeeld van 'n interaktiewe gebedskamer met gebedstasies

4.1 Riglyne vir die vestiging van 24-7-365 gebedswake

- Dit is een ding om 'n gebedswaak vir sewe dae aan die gang te hou, maar dis heeltemal 'n ander saak om vir 365 dae aan te hou, jaar in en jaar uit.
- Dis in die eerste plek belangrik om te onthou dat meer personeel nodig is om 'n 365 gebedswaak aan die gang te hou.
- Tweedens moet daar genoeg toegewyde intersessors wees.
- Derdens vereis dit deeglike beplanning, duidelike leiding en motivering.
- 'n Span is nodig om so 'n gebedswaak aan die gang te hou: 'n algemene koördineerder, koördineerder vir elke dag van die week, 'n administratiewe span en verkieslik ook 'n administratiewe kantoor, 'n span wat gebedsinligting versamel, prosesseer en beskikbaar maak aan die intersessors; 'n span wat verantwoordelik is vir die skoonmaak en versiering van die plek, iemand om die skedule uit te werk, ens.
- Daar moet deurlopend nuwe interssors gewerf word. Hulle moet die plek inneem van die wat na ander dorpe of stede verhuis of moeg word en ophou.
- Dit is noodsaaklik om dikwels die intersessors te motiveer om aan te gaan en om hulle toe te rus vir dieper gebed. Onthou dat party van hulle as lede van 'n kleingroep of as enkellinge aan die gebedswaak deelneem en dat hulle nie noodwendig kontak het met ander intersessors nie. Intersessors kan maklik geïsoleerd voel en moed verloor.

4.2 Waardes en beginsels vir die opbou van 'n 24/7 gebedswaak

- Verkondig die visie van nag en dag gebed en hou aan om dit te doen, dag vir dag en week na week. Mense het aanmoediging en rigting nodig.
- Die leiers, ook die leiers van die gebedswaak, moet glo in die krag en noodsaaklikheid van gebed.
- Gebed moet deur die leierskap gedemonstreer word.
- Beplan deeglik en inkorporeer die bestaande gebedsaktiwiteite om 'n 24/7 gebedswaak te begin.
- Delegeer verantwoordelikhede versigtig—namate die gebedswaak groei, sal jy mense met spesifieke gawes nodig kry om te help met die groeiende geestelike en praktiese behoeftes wat ontstaan. Jy sal bv. iemand nodig hê met sterk administratiewe en organisatoriese vaardighede.
- Skakel die 24/7 gebedswag in by die ander bedieninge in die gemeente.
- Hou dit eenvoudig. Dit is die eenvoudige planne wat gebed maklik maak. Die basiese verantwoordelikheid is om te bid en om mense op te roep om te bid.
- Hou aan om te kommunikeer en mense te voer met inligting. Maak gebruik van bestaande materiaal en gebedsbriewe wat die Bybelse oproep tot gebed onderstreep.
- Streef na eenheid in die Heilige Gees.
- Verstaan die druk van die moderne samelewing. Ons is geroep om mense aan te moedig om te bid en nie om hulle onder druk te plaas nie. Maak dit maklik vir mense om deel te word en moenie hulle kritiseer as hulle dit nie doen nie. Jy is nie 'n beter Christen omdat jy meer bid nie. Sommige mense kan ure lank bid en ander net 'n halfuur.
- Beklemtoon die waarde van persoonlike en gesinsgebede en moenie jou persoonlike tyd met die Here verwaarloos nie.
- Wees kreatief en gereed vir verandering - lees en luister. Om jongmense te akkommodeer vereis nog meer kreatiwiteit.
- Skep geleenthede vir lering en toerusting van die intersessors. Mense het ook praktiese opleiding nodig oor hoe om te bid.
- Om 'n huis van gebed te wees, is nie 'n uitdaging nie - dis 'n Bybelse opdrag. (Matt.21:13)
- Maak plek vir die mense wat geroep is tot voltydse diens in die huis van gebed. Die Here is besig om oral in die wêreld voltydse wagters op te rig met hulle primêre roeping vir die gebedswaak. Daar is dalk van hierdie manne en vroue in jou gemeente wat, soos Anna in die Nuwe Testament, elke dag in gebed en vas God wil bedien. (Luk.2:37)

- Maak seker om wyer en dieper te bou. Die gebedsbeweging is besig om wyer en dieper te groei. Die 24/7 gebedsbeweging bied 'n geleentheid vir die mense wat 'n dieper gebedslewe begeer.
- 3 sleutels om te onthou in die volhou van 'n gebedswaak: a) persoonlike dissipline b) volharding c) persoonlike verbintenis (neem jou eie gebedsgleuf)

4.3 Riglyne vir die vestiging van 'n 24/7 dae gebedswaak (168 uur)

Die volgende basiese beginsels moet in gedagte gehou word by die vestiging van gebedswake: Die plaaslike kerk moet altyd hooggeag word. Indien jy 'n 24-uur gebedswag wil vestig, beskou die plaaslike kerk as die primêre bousteen. Plaaslike gemeentes moet huise van gebed wees.

1. Basiese beginsels om te onthou by die vestiging van 'n gebedswaak

- In gebedswake moet die Woord van God 'n sentrale plek beklee. Te veel gebede geskied volgens eie agendas en begeertes. God se beloftes word deur die Woord aan ons geopenbaar en die Woord leer ons wat Sy wil is. Daarom is dit nodig dat ons weer begin om die Woord te bid.
- Die vier basiese bestanddele van gebed is aanbidding/lofprysing, sondebelydenis, intersessie en danksegging. In lofprysing en aanbidding erken ons die heerskappy van Christus. Sondebelydenis verwyder al die hindernisse tussen God en ons. Intersessie pleit vir God se ingrype in die behoeftes van mense. Al hierdie elemente is belangrik in 'n gebedswaak.
- Gebedswake is nie in die eerste plek waar 'n mens vir jou eie persoonlike behoeftes bid nie. In gebedswake word daar gefokus op die behoeftes van die plaaslike kerk/gemeenskap/stad en die wêreld in die breë.
- Moenie haastig wees nie. Begin met een dag 'n week, veertig uur oor 'n naweek of 'n week van nag en dag gebed d.w.s 'n periode van 168 ure. Herhaal dit twee of drie keer en begin daarna eers beplan aan 'n moontlike 24-7-365 gebedswaak. 'n 365 Gebedswaak is 'n groot werk met baie administrasie. Berei deeglik voor en kry die regte mense wat met toewyding die werk kan doen, voordat daar begin word met 'n 365 gebedswaak. 'n Mens voel soms so geïnspireer, dat jy sommer wil aanhou "tot Jesus weer kom"!

2. Algemene riglyne

- 'n 24-7 Gebedswaak kan individue, groepe, gemeentes, dorpe/stede en streke/provinsies in 'n gebedsketting betrek.

- Gemeentes word aangemoedig om met 'n 24-uur gebedswaak een keer per week te begin en soos wat meer mense betrokke raak, meer dae in gebed deur te bring. Sodra die eerste dag vol is, kan die ketting versterk word deur 'n tweede ketting op dieselfde dag te vestig. Die ure in die gebedswaak kan gevul word deur individue, gebedsgroepe, selgroepe, jeuggroepe, ens.
- Elke gemeente kan met 'n ander gemeente, of 'n aantal ander gemeentes skakel om hulle aan te moedig om ook 'n 24-7 gebedswag (24 uur per dag vir 7 dae) te vestig. Gemeentes, interkerklike gebedsgroepe en Christen-organisasies word aangemoedig om elk 'n blok van 7 dae (168 ure) te neem om 24 uur per dag te bid, en om daarna minstens twee of drie keer per jaar sulke 24-7 gebedstye (gebedswake/ gebedsaltare) in hulle gemeenskappe op te rig. 'n Gemeente of 'n aantal gemeentes (selfs soveel as 20 tot 30 gemeentes of groepe) kan weekliks, dwarsdeur die jaar, 'n dag neem om vir 24 uur te bid. Skakel met soveel ander gemeentes as moontlik oor die vestiging van 'n 24-7 gebedswaak in 'n betrokke area of streek. Nie alle gemeentes sal byvoorbeeld in staat wees om aanvanklik elke week 'n volle 24 uur te neem nie. Begin dan met 6, 12 of 18 ure. Twee of drie gemeentes kan in sulke gevalle elkeen 'n aantal ure van 'n betrokke dag neem en so die volle 24 uur volmaak.
- 'n 24-7 gebedswaak sal help om die intensiteit en dringendheid van gebed te laat toeneem. Geestelike deurbrake in gemeenskappe is normaalweg die gevolg van hierdie soort gebed.
- Bo en behalwe om die plaaslike kerk as basiese bousteen vir die vestiging van 24-uur gebedswake te benut, kan ander maniere/modelle ook benut word om 24-7 gebed aan te moedig.
- Groepe kan elk vir een uur van gebed verantwoordelik gemaak word. Maak ook voorsiening vir sommige groepe om vir twee ure op 'n keer te bid. As 24 uur aanvanklik te veel is, begin met 'n ketting van 12 of 18 uur.
- Stel 'n koördineerder en 'n sub-koördineerder aan vir elke 24-uur ketting.
- 'n Gebedswaak kan op twee maniere funksioneer: a) Vind 'n sentrale punt (kamer) by die kerk of elders, wat vir 24 uur per dag beskikbaar is, waarheen mense kan kom om te bid. b) Laat dit aan individue of groepe oor om self te besluit waar hulle vir hulle uur van gebed wil bymekaarkom om te bid (bv. hul eie wonings).

Hierdie riglyne is blote voorstelle. Wees kreatief. Die Gees van die Here mag jou lei om dit heeltemal anders aan te pak. Daar is nie 'n regte of 'n verkeerde manier van bid nie.

3. Hoe om 'n 24-7 gebedskamer te bestuur

- 'n 24-7 Gebedsperiode duur van Sondag middernag tot volgende Sondag om middernag.
- 'n Gebedskamer se deur staan dag-en-nag oop. In so 'n gebedskamer het Christene in 'n gemeente of gemeenskap 'n plek waar hulle dag of nag van aangesig tot aangesig met God kan kom, Sy nabyheid kan beleef en met God oor die nood van die wêreld kan praat.
- 'n 24-7 Handleiding (getiteld *Boiler Room Manual* - spesifiek vir die jeug) is beskikbaar. (Webruimte: www.extremeprayer.com)
- Kry 'n kamer, vertrek of ruimte en rig dit vir die 7 dae as 'n gebedskamer in. 'n Spesifieke gebedskamer waarheen mense fisies kan kom, werk eenvoudig beter. Wees ferm en kry die mense om in die gebedskamer te kom bid!
- Reël vir sekuriteit as dit nodig is.
- Wanneer 'n aantal verskillende gemeentes saam 'n 24-7 doen, is dit beter as die gebedskamer nie by 'n spesifieke kerk is nie. 'n Neutrale plek is dan beter.
- Maak seker die kleedkamers is 24-7 oop!
- Skort jou gebedskamer af in verskillende afdelings of hoeke waar mense kan bid. Noem dit gebedstasies (of gebedsmure) sodat besoekers enige tyd by enige stasie kan stop om te bid. By die Aanbiddingsmuur (aanbiddingshoek) kan persone wat vaardig is met 'n instrument, die Here met musiek aanbid, of iemand kan 'n CD speel. As iemand by die Beloftemuur wil stop, sal dit goed wees as daar 'n klomp Skrifbeloftes teen die muur is, sodat die persoon sommer net daar kan staan en die Skrif kan bid. Skep 'n Dankie-sê-muur of ruimte waar mense beantwoorde gebede en dankseggings kan opplak, asook 'n Klaagmuur waar die name van behoeftige mense of ander gebedsversoeke opgeplak kan word. Treinstasies is mos geliefde plekke vir graffiti-kunstenaars. Skep dus 'n Graffiti-muur waar mense deur hul geestelike kuns, gedigte of slagspreuke kan skryf, teken en bid. Verwag maar dat mense 'n kreatiewe ontploffing gaan beleef terwyl hulle bid, en plak sommer groot velle skoon papier teen die muur op sodat mense daarop kan skryf en teken. Pak kussings uit by ‘n plek waar mense net kan stil word, sodat die mense wat daaraan behoefte het, daar tyd by die Here kan deurbring.
- Maak dubbel seker dat daar genoeg penne, papier, kryte en verf in die gebedskamer is. Dit help as mens jou gebed kan teken of gewoon uitskryf en by die regte "muur" kan opplak.
- Sorg vir genoeg koffie, tee en water.

- Praktiese gebedsuitreike: Ry na jou naaste skool, polisiekantoor, winkelsentrum, taxi staanplek of vlooimark en bid net daar vir die mense wat daar werk. Jy kan sommer 'n gebedstalletjie vir 'n dag of sewe daar oprig, sodat die mense wat jou gebede nodig het, jou kan nader om vir gebed te vra.
- Onthou: daar is te veel werk vir een mens, so vra 'n paar mense met administratiewe gawes om te help met die praktiese kant van jou gebedsweek.
- Vra 'n paar gewilliges om te help met vervoer, om mense veral in die nag na die gebedskamer aan te ry.
- Bid saam met die bidder wat jou skof by jou oorvat.
- Sluit aanbidding- en lofprysingspanne in by jou gebedskamer se skedule en nooi sulke aanbiddingspanne uit om 2 ure op 'n slag te vat om die Here te kom aanbid.
- Maak tyd vir bejaardes en jong moeders met kinders om deur die dag in groepe te kom, en vir jong mense om die naweke vol te maak. Die jonges kan sommer die hele Vrydag- of Saterdagaand in die gebedskamer kom deurnag. Laat die slaperiges hul slaapsakke saambring (maar ons kan amper waarborg hulle sal dit nie gebruik nie).
- Moedig groepe jongmense (of ouer mense!), groot gebedsgroepe, plaaslike gemeentes of kerke in 'n streek aan om saam 'n 24-7 aan te pak.
- Uitreik na behoeftiges: Mense wat in die week kom bid, kan sommer klere, kos, meubels of komberse bring om aan behoeftiges uit te deel. Wanneer jy die geskenke oorhandig, gaan bid vir die huishouding wat aan die ontvangkant staan. Seën hulle in Jesus se Naam.

4. 'n Paar ander idees

- Dalk is dit tyd om jou skool uit te daag om 7 dae lank te bid. Ouers kan die skoolure vol pak, skoliere kan die res van die dag (en nag) vat.
- Vat jou jeuggroep op 'n avontuur – 'n 40-uur gebedstyd oor 'n naweek, van 18:00 Vrydagaand tot Sondagmiddag 12:00.
- Laat 'n paar gemeentes saamspan om 'n week lank dag-en-nag te bid.
- Vat 24-7 oor 'n naweek of vakansie na 'n "duister plek" waar jy dag-en-nag op die vyand se voorstoep kan bid, en tussenin die liefde van Jesus kan deel.
- Twaalf of 24 toegewyde mans of vroue kan tyd vat of tyd maak om hulself saam af te sonder om 'n 24-7 op hul eie vol te maak, deur elk 'n skof van 'n uur of twee per dag te vat.

- Neem jou 24-7 na die naaste polisiekantoor. Dan het jy geen verdere probleme met sekuriteit nie! Jy sal jou gemeenskap se behoeftes eerstehands beleef en kan selfs daarvoor bid terwyl dit gebeur.
- 'n Groep leraars (fraternal) kan hul verbintenis tot eenheid, tot die gemeenskap en die Koninkryk demonstreer deur saam met hul vroue 'n 24-7 aan te pak.
- Doen 'n 24-7 op e-pos – maak 'n plan om dit te maak werk!
- Moedig 'n paar sakemanne en -vroue om 'n 24-7 te doen, sodat hulle kan bid vir die sakewêreld, vir die ondernemings van hul sterkste kompetisie en dié van hul vriende (dan kan hulle hul eie ondernemings aan God oorlaat – dink net wat kan dán gebeur)
- Dink aan nog ander kreatiewe idees – die Here stel dalk net belang! Moenie skrik vir kreatiewe idees wat dalk met die eerste oogopslag vreemd mag voorkom nie. Die Here se Gees is 'n kreatiewe Gees - Hy is die een wat jóú geskep het!
- Oorweeg 'n Woord-waak (Word Watch). Neem bv. die Bybel en bid dit vir 'n week lank dag en nag. Begin by Genesis 1 en bid sover julle kom en begin weer voor. 'n Ander moontlikheid is om bv. die Psalms te neem en dit vir 'n volle 7 dae te bid. Dit is ook moontlik om uittreksels te maak van beloftes, bevele, die gebede in die Nuwe Testament, ens. en 'n bundel saam te stel en dit vir 'n volle week te bid. (Beskikbaar by Jerigo Mure info@jwipn.com; www.jwipn.com)

4.4 Voorbeeld van 'n interaktiewe gebedskamer met gebedstasies

Die gebedstasies in 'n interaktiewe gebedskamer moet sover moontlik al die verskillende tipe gebede dek, soos persoonlike versoeke, intersessie, meditasie, bepeinsing, aanbidding, danksegging, vergifnis en 'n persoonlike verbintenis om volgens God se weë te wandel.

In hierdie afdeling is 13 "gebedstasies" wat 13 areas is wat versier en gemeubileer kan word om mense te help om aktief by gebed betrokke te raak sodra hulle die vertrek binne kom. Hierdie 13 gebedstasies is net enkele voorbeelde van wat gedoen kan word. Die moontlikhede van die tipe en aantal gebedstasies en hoe om dit in te klee, te versier en te gebruik, is byna onbeperk. Die name van die gebedstasies kan verander word, meer kan bygevoeg word en sommige kan weggeneem word. Baie hang af van die fokus van die gebedskamer, die grootte van die vertrek, die beskikbare materiaal om die vertrek te versier, die ouderdom van die mense wat die vertrek gaan gebruik, ens.

A. Van aangesig tot aangesig met die kruis

- 'n Tyd van selfondersoek waarin jy die Here vra om enige sonde te openbaar wat 'n dieper wandel met die Here verhinder. Spyker dit dan aan die kruis.
- **Skrifte**: Kol.2:13-14; Rom.6:6; Gal.2:20; Gal.5:24; Matt.16:24; Jes.1:18.
- **Benodighede**: Kruis (gemaak van twee plat stukke hout) hamers, spykers, stukkies gekleurde papier, penne, rooi materiaal om onder die kruis op die vloer te sit, 1 klein bedlampie.

B. Dieper wandel

- Oordink jou verhouding met die Here en maak 'n verbintenis om jou opnuut aan Hom toe te wy.
- **Skrifte**: Rom.12:1-2; 2Kor.3:18
- **Benodighede**: Wit materiaal om die area mee te versier (Om die regverdige dade van die heiliges te simboliseer) A4 papier, penne, stoele, kussings. 'n Spreilamp vir agtergrond beligting.

C. Muur van herinnering

- Dit kan of 'n altaar aan God wees, waar jy die beloftes wat die Here gegee en vervul het, op 'n wit klip kan skryf wat jy by die hoop klippe kan sit as 'n dankseggingsaltaar. Of dit kan 'n muur van stene wees waarin mense die beloftes kan skryf wat God gegee en vervul het en Hom daarvoor dank deur die muur op te bou.
- **Skrifte**: Jos.4:21-24; Ps.26:7; Es.22:30; Jes.62:6; 2Kor.1:20.
- **Benodighede**: klein klippe (50), merkpenne, swart plastiek (om klippe op te sit), 30 stene of groot stukke papier om die stene op te teken, 'n spreilamp teen die muur of staanlamp by die altaar.

D. Die huis van die pottebakker

- 'n Plek waar mense kan kom om 'n kruik of ornament te maak terwyl hulle peins oor God se werk in hulle lewens.
- **Skrifte**: Jes.64:8; Rom.9:21.
- **Benodighede**: 'n Tafel oorgetrek met papier of koerant, klei, stoele, 1 klein bedlampie.

E. Eet saam met My

- Nagmaaltafel.
- **Skrifte**: Openb.3:20; Joh.6:53-55; Matt.26:26-28

- **Benodighede**: Tafel, tafeldoek, glasies, borde, sap, brood, stoele, feetjie-liggies op die tafel, 2 kerse, vuurhoutjies/klein lampies.

Die volgende areas in die gebedskamer behoort 'n uitwaartse fokus na die gemeenskap en die res van die wêreld te verteenwoordig:

F. Goue bakke/Klaagmuur/Wierookaltaar

- 'n Plek waar mense gebedsversoeke vir die verlorenes of oor enige ander behoefte wat hulle het, voor die Here kan bring. Maak dit interessant deur die stukkies papier met die versoeke aan 'n stuk tou vas te sit met wasgoedpennetjies of aan 'n stuk ogiesdraad vas te maak. Verlig hierdie area met 2 klein spreilampe bokant die draad.
- **Skrifte**: Matt.7:7; Matt.21:22; Joh.14:13-14; Joh.5:15; Openb.5:8; Openb.8:3-4.
- **Benodighede**: Draad, tou, stukkies gekleurde papier, penne, goue bak, wasgoedpennetjies, 2 klein spreilampe.

G. Werklikheidsmuur

- Bid vir die behoeftes van die gemeenskap en die wêreld.
- **Skrifte**: Matt.18:19; Fil.4:19.
- **Benodighede**: koerant-uitknipsels, iets om dit mee aan die muur vas te sit, 2 klein spreilampe van bo af.

H. Verbreek die vestings

- Maak 'n klein tronk. Sit 'n klein tafeltjie binne in met penne, papier, vullisdrom, kers, vuurhoutjies, waskom en beker, handdoek. Mense moet daardie bindinge in hulle gemeenskappe neerskryf wat die kennis van die Here verhinder. Bv. alkoholisme, seksuele verslawing, pornografie, afgodery, bloedvergieting, ens.; dit dan verbrand en in die vullisdrom gooi.
- **Skrifte**: Joh.8:32; Joh.8:36; Jes.61:1.
- **Benodighede**: 3 skerms, swart materiaal, 14 dun stukkies bamboes of stukkies hout om die tronkvensters te maak, klein tafeltjie, papier, penne, vullisdrom, kerse, vuurhoutjies.

I. Vissers van mense

- Gebed vir die lande van die wêreld en vir jou eie land. Gebruik graan om die verspreiding van die Woord na hierdie lande te simboliseer.
- **Skrifte**: Ps.2:8; Gen.24:16; Deut.1:21; Dan.7:18; Matt.24:14.

- **Benodighede**: 2 Skerms, kaart van die wêreld, kaart van jou land, visnet, graan, iets om dit teen die kaart vas te sit. Spreilampe om die kaarte te belig.

J. Lieflike voete

- Plek waar mense mekaar se voete kan was en vir mekaar bid vir versoening.
- **Skrifte**: Joh.13:5; Joh.13:14; 2 Kor.5:18; Matt.5:24.
- **Benodighede**: 6 stoele, 3 waskomme, 3 emmers, 3 bekers, 6 handdoeke, 1 staanlamp.

K. Binnekamer/ Troonkamer

- 'n Plek om te sit en na te dink oor God se karakter, Sy Name, en om Hom te aanbid vir wie Hy is.
- **Skrifte**: Ps.95:6; Hoogl.2:10; Jes.55:1; Openb.4:1; Matt.11:28.
- **Benodighede**: Stukke pers, wit en goue materiaal, God se Name op karton geskryf, stoele/kussings, waterfontein, plante, spreilamp van agter die materiaal en 1 van onder af wat die Name van God verlig.

L. Woordwaak

- 'n Plek waar mense die Woord of 'n Psalm kan sit en lees, bepeins en mediteer op dit wat hulle gelees het.
- **Benodighede**: Klein tafel, stoele, bedlampie, 'n paar Bybels.

M. Kreatiewe muur

- 'n Plek waar mens kan sktyf, teken of verf teen die muur.
- **Benodighede**: Tafel (oorgetrek met papier of plastiek) verf, stukkies papier, spelde, kleurpenne, kryt, ens.

5 Afdeling 5 - Waarvoor om te bid

5.1 Enkele algemene riglyne waarvoor om te bid
5.2 Gebedspunte vir gebruik om vir jou gemeenskap, dorp/stad, land en die wêreld te bid.

Gebedskamers word om verskillende redes en met verskillende fokuspunte opgerig. Sommige sal op die kerk fokus, sommige op stede of gemeenskappe en ander op die bevolking en/of die nasies van die wêreld.

Fokus gebed op die algemene behoeftes in die volgende areas:

- Die wêreld en jou eie vasteland
- Jou land
- Elke stad/dorp/streek
- Jou gemeente
- Jou gesin
- Jouself

5.1 Enkele algemene riglyne waarvoor om te bid

- Gebruik die Woord: beloftes uit die Skrif, die Psalms, die gebede van die apostels in die Nuwe Testament, ens.
- Maak gebruik van die dagblaaie en bid vir die sake waaroor berig word.
- Teken in op e-pos gebedsinligting of gebedsbriewe van gemeentes of Christen organisasies (Bv. Jerigo Mure: www.jwipn.com)
- In die stede/dorpe/streke waar 24/7 gebedswake bestaan, kan gemeenskaplike gebedsbriewe gestuur word na al die gemeentes wat deelneem, sodat die intersessors in eenheid kan bid vir hulle gemeenskap.
- Individue moet vry wees om ook vir hulle persoonlike behoeftes te bid.
- Elke persoon wat by 'n gebedswaak betrokke is, moet aangemoedig word om te bid vir hulle bure, familie of kollegas wat nog nie die Here aangeneem het nie.
- Maak genoeg tyd vir lofprysing en aanbidding. Gebruik sang, musiek en kassette/CD's. Sing tot eer van die Here, leer om Hom te prys en te aanbid. Die Psalms is besonder geskik hiervoor.

5.2 Gebedspunte vir gebruik om vir jou gemeenskap, dorp/stad, land en die wêreld te bid

1. Soek die koninkryk van God - Vir die transformerende krag van Christus se Koninkryk

Aangaande: geestelike duisternis, kerk verdeeldheid, ekonomiese druk

Hand. 1:3-4: *"Hy het.....met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat. Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: "Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het."*

Tot eer van Christus

- Vir die harte van die kinders van God om te gloei met liefde, getrouheid en gehoorsaamheid aan Jesus as die Koning en Here van almal.
- Vir baie mense dwarsdeur ons stede om die goedheid en heerlikheid van Christus se koninklike liefde te ervaar.
- Vir Christus om Sy mense te verenig en te leer van die hoop in Sy lewegewende koninkryk.

Tot seën van die nasies

- Dat Christus gelowiges in daardie stede sal plaas waar nog nie deurbrake gekom het nie. Bid dat hulle getrou God se belofte van die seën van Sy koninkryk in daardie moeilike plekke sal uitdra.
- Dat die krag van Christus se liefde blywende verandering dwarsdeur gemeenskappe sal bring.

2. Verenigde gebed - Vir volgehoue bewegings van verenigde gebed

Aangaande: biddeloosheid, okkultiese praktyke, materialisme

Hand. 1:14: *"Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed ..."*

Tot eer van Christus

- Dat God ons sal verenig in "eensgesinde gebed" (Hand.1:14; 2:46; 4:24) en ons bekragtig om met erns te bid vir Christus se heerlikheid om in die hele wêreld te kom.

- Dat God die gebede van die armes, die jongmense en die uitgeworpenes sal verhoor en dat hulle lofprysing Hom sal verheerlik.

Tot seën van die nasies

- Dat die Gees van God gelowiges sal aanspoor en bekragtig om spesifieke seëninge oor hulle bure en vriende te bid.
- Dat mense oral in ons gemeenskappe aangespoor sal word om soos nooit tevore tot God te roep om te help.
- Dat die leiers van ons gemeenskappe God sal aanroep vir wysheid en hoop.

3. Vervulling met die Heilige Gees – Dat God Sy Gees oor almal sal uitstort

Aangaande: intellektuele trots, demoniese oorheersing, geestelike blindheid

Hand.2:17: *"Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense..."*

Tot eer van Christus

- Dat die kerk opnuut vervul sal word met God se Gees en bekragtig sal word as Christus se dienende getuies in die wêreld.
- Dat die Gees van God Jesus sal openbaar aan die mense wat in geestelike duisternis sit.

Tot seën van die nasies

- Dat God Sy Gees sal uitstort oor elke mens op die aarde.
- Dat die Gees van God die nasies sal wakkermaak om Sy werke te sien en Sy stem te hoor. (Hand.2:33)
- Dat baie mense aangeraak sal word deur drome wat deur die Gees gegee is, van 'n lewende Christus wat aan die werk is in hulle lewens.

4. Berou - Dat baie mense hulle sal wegdraai van sonde na 'n nuwe lewe in Christus.

Aangaande: pornografie, verslawing, rebellie, onsedelikheid

Hand.3:19*: "Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis."*

Tot eer van Christus

- Dat baie mense 'n ontmoeting met Christus en Sy vergifnis en liefde sal hê en dat miljoene hulle sal wegdraai van sonde na die vreugde daarvan om 'n volgeling van Christus te wees.
- Dat die Gees van God baie mense sal oortuig van hoe hulle God bedroef en dat hulle dan openlik hulle sonde sal bely.
- Dat die boodskap van die Kruis die mag van sonde sal verbreek. Dat baie mense sal glo dat hulle sonde 'uitgewis' kan word. (Hand.3:19)

Tot seën van die nasies

- Dat baie mense God se seën sal ervaar en sal 'terug draai van hulle verkeerde paaie', (Hand.3:26) sodat groot bewegings van sondebelydenis deur gemeenskappe sal vloei.
- Dat hierdie bewegings van sondebelydenis sal lei tot 'tye van verkwikking' (Hand.3:20) en dat mans, vroue en kinders die teenwoordigheid van die Here sal ervaar.

5. Die vrede van Christus – Vir verhoudings om verander te word

Aangaande: rassisme, armoede, geweld, misdaad

Hand.2:43-46 – *"Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul. Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. Hulle het almal elke dag ...van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou.....en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind..."*

Tot eer van Christus

- Dat die vrede van Christus oral in die wêreld sigbaar sal word in die veranderde lewens van Sy kinders.
- Dat versoening die skeiding en onenigheid tussen kerke sal verwyder en dat verhoudings tussen Christene gekenmerk sal word deur liefde, vreugde en blydskap.
- Dat Christus so duidelik en kragtig sal beweeg dat almal, Sy volgelinge sowel as die wêreld wat toekyk, "met diep ontsag vervul" sal word. (Hand.2:43)

Tot seën van die nasies

- Dat die kinders van God sal wegdraai van gierigheid en wêreldse begeertes en vrygewiger sal wees as ooit te vore.
- Dat God sal ingryp in oorloë, bose geestelike magte sal verhinder, terrorisme sal onderdruk en die lewens sal beskerm van die mense wat daardeur geteister word.
- Dat God Christene sal gebruik om mense op te lig uit die ellende van uiterste armoede. Dit word bereken dat meer as 'n biljoen mense 'n stryd het om te oorleef op minder as een dollar per dag.

6. Bemagtiging van opkomende geslag - God se doel met gesinne en kinders

Aangaande: gebroke huise, seksuele perversiteit, kinderarbeid, aborsie

Hand. 2:39: *"Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders..."*

Tot eer van Christus

- Dat Christus huwelike en gesinne sal versterk.
- Dat jongmense vroeg in hulle lewens Christus sal volg en Hom lewenslank toegewyd sal dien.
- Dat jong leiers raakgesien sal word en toegelaat sal word om op verskillende maniere te help om die kerk te laat groei. (Hand.6:3-7)

Tot seën van die nasies

- Dat Christene met vrymoedigheid die medelydende liefde van Christus aan weeskinders, weduwees en haweloses sal bewys.
- Dat God Sy kinders sal gebruik om Sy vaderliefde aan die miljoene kinders te bewys wat wees gelaat is deur oorloë en die HIV/VIGS epidemie.
- Dat God die opkomende geslag sal bemagtig om Sy beloftes dwarsoor die wêreld te vervul.

7. Die roepstem van God - Dat die nasies die stem van God sal hoor

Aangaande: afgodery, ongeloof, depressie, ongeletterdheid

Hand.2:39: *"...en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep. "*

Tot eer van Christus

- Dat die Woord van God aan mense van elke taal, ras en nasie verkondig sal word.(Hand.1:8)
- Dat die wêreld sal hoor van die "magtige dade van God" in hulle eie taal en volgens hulle eie kultuur. (Hand.2:11)
- Dat Christus gevolg sal word deur die miljoene onbereikte mensegroepe waar nou nog geen groeiende, vermenigvuldigende kerke is nie.

Tot seën van die nasies

- Dat die Bybel vertaal sal word vir die 3,000 mensegroepe wat nog nie een woord in hulle eie taal het nie.
- Dat die Vader baie mense na Hom sal roep (Hand.2:39) sodat hulle Hom kan aanroep tot redding. (Hand.2:21)

8. Lyding tot eer van God - vir getrouheid en moed vir Sy kinders

Aangaande: vervolging, onreg en terrorisme

Hand.5:41: *"Die apostels het van die Raad af weggegaan, bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly."*

Tot eer van Christus

- Dat die mense wat teenkanting kry omdat hulle Christus dien, die sagte, maar moedige karakter van Jesus sal openbaar.(Hand.4:13)
- Dat Christene wat ter wille van die Naam van Christus vervolg word, sterk sal staan in geloof.
- Dat God verheerlik sal word deur Sy magtige dade in die gebiede waar Hy teengestaan word.(Hand.4:21)

Tot seën van die nasies

- Dat ons leiers en regerings geseën sal wees.
- Dat regeringsleiers wat Christus teenstaan (Hand.4:25-27) genade sal kry sodat dit nie later sal blyk dat hulle teen God geveg het nie. (Hand.5:39)

9. Genesing in Christus – Vir Christus om werklike genesing te bring

Aangaande: gebrekkige gesondheidsorg, die VIGS epidemie, heksery, besoedeling

Hand.4:30: *"Laat U hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van U heilige Dienaar, Jesus."*

Tot die eer van Christus

- Dat gemeenskappe die hand van God sal sien wat bo-natuurlike genesing vir die siekes bring. (Hand.5:14-16)
- Dat die Naam van Jesus deur tekens en wonders geproklameer sal word in die teenwoordigheid van baie mense. (Hand.3:16)

Tot seën van die nasies

- Vir die einde van HIV/VIGS in ons geslag.
- Vir Christene om voortdurend met deernis en wysheid te werk om siektes uit te roei.
- Vir God om kragtig saam met Sy kinders te werk om genesing te bring.

10. Die seën van Christus – Vir die beloofde seën vir alle mense

Aangaande: Honger, oorloë, bendes, korrupsie

Hand. 3:25: *“Hy het vir Abraham gesê: ‘Jou nakomeling sal vir al die volke van die aarde tot ’n seën wees.’”*

Tot eer van Christus

- Dat Christene sal lewe met die verwagting dat hierdie eeu-oue belofte van seën spoedig vervul sal word om transformasie te bring vir gemeenskappe en lande.
- Dat Jesus, die grootste van Abraham se afstammelinge, deur al die mense gesien sal word vir Wie Hy werklik is.
- Dat kerke in Jesus se Naam, soos een familie met God sal saamwerk om mense se lewens, stede en nasies te verander.

Tot seën van die nasies

- Dat die reg en geregtigheid van God die ekonomie en politiek sal verander en die hele maatskappy sal suiwer van die vloek van korrupsie.
- Dat die manier waarop stede en nasies regeer word deur die vrede van Christus se koninkryk verander sal word.
- Dat die vreugde van Christus se koninkryk sal deurbreek in feesvieringe van dank en lofprysing tussen al die volke van die wêreld.

6 Afdeling 6 - Hoe om 'n uur in gebed deur te bring

Een uur gebedsriglyne

6.1 Model 1: Soek My aangesig
6.2 Model 2: Die uur wat die wêreld verander

Ingesluit is twee riglyne of modelle oor hoe om 'n uur in gebed deur te bring. Beide modelle werk op die basis van 'n uur wat in 12 X 5 minute gleuwe ingedeel word. Deur 5 minute vir elke seksie te bid, sal jy 'n uur volmaak met gebed.

6.1 Model 1 ('n praktiese gids oor hoe om vir een uur te bid)

Soek My aangesig (Psalm 27:8)

1. Soek My aangesig deur My Naam aan te roep (5 min)

Jahwe, die bron van alle standvastigheid en bemoediging (Rom.15:5), God van medelye, genadige God (Eks.34:6), El-Shaddai (die Algenoegsame; die Almagtige) (Gen.1:17), Jahwe-Jire (Die Here wat voorsien) (Gen.22:14), Jahwe-Rofeka (die Here wat jou gesondmaak) (Eks.15:26), Jahwe-Shalom (die Here gee rus/vrede) (Ps.35:27), die Here van die hele wêreld (Mig.4:13) Jesus Christus is die weg, die waarheid en die lewe (Joh.6:14), Hy is die krag en die wysheid van God (1 Kor.1:24), die Lam in die middel van die troon (Openb.7:17), die Lam wat geslag is (Openb.5:12), die hoop van God se heerlikheid (Kol. 1:26); die Gees van vrymaking, insig, raad en sterkte, kennis en eerbied vir die Here (Jes.11:2), genade en smeking, heiligheid, liefde, waarheid, krag, selfbeheersing, wysheid en openbaring van die kennis van God, die Gees van heerlikheid.

2. Soek My aangesig deur vir persoonlike herlewing te bid (5 min)

Vra jouself die volgende vrae:

- Is daar onbelyde sonde in my lewe?
- Het ek onvergewensgesindheid en bitterheid in my lewe?
- Is daar enige twyfelagtige praktyke of aktiwiteite in my lewe?
- Gehoorsaam ek die Heilige Gees dadelik in alle dinge?

- Bely ek Jesus onbeskaamd?

3. Soek Sy aangesig namens ongeredde familie, vriende of individue

(5 min)

1._____

2._____

3._____

4._____

5._____

Bid vir hulle redding, dat die Here hulle sal seën (geestelik, sosiaal en emosioneel), en bid vir hulle fisieke behoeftes.

4. Soek My aangesig vir die kerk (5 min)

Skryf vyf dinge neer om vir die plaaslike kerk en die kerk in die algemeen te bid

1._____

2._____

3._____

4._____

5._____

en/of

- Bid dat gemeentes herstel sal word as huise van gebed vir die nasies (Jes.56:7; Matt.21:13);
- Bid dat gemeentes die Groot Opdrag sal uitvoer (Matt.28:18-20);
- Bid dat gemeentes die Groot Gebod sal uitleef (Matt.22:37-40);
- Bid vir ’n geestelike herlewing in die kerk (Ef.17:17-23);

- Bid vir die kerk om getrou te wees aan die Woord, en om die behoeftes van mense op ’n relevante wyse aan te spreek.(2Tim.3:1-17)

5. Soek My aangesig vir persoonlike behoeftes (5 min)

1._____

2._____

3._____

4._____

5._____

6. Soek My aangesig deur My Woord te bid (5 min)

Begin deur stelselmatig deur die Psalms te bid. Lees en bid elke keer deur 2-3 Psalms.

7. Soek My aangesig deur na My te luister en op My te wag (5 min)

Lees Jes.42:8-9, Dan.9:9 en Ps.25:4-5. Vra dat die Here nuwe dinge aan jou sal bekendmaak, dinge waarvan Hy wil hê jy bewus moet raak en op moet let. Vra dat Hy Sy wil en Sy planne/strategieë aan jou sal bekendmaak. Vra Hom na die dinge wat op Sy hart is waarvoor Hy wil hê dat jy moet bid. Skryf neer (hou dagboek) wat jy van Hom hoor.

8. Soek My aangesig deur te bid vir die verbreking van vestings en dat mense wat daarby betrokke is, hulle sonde sal bely (5 min)

- Onsedelikheid;
- Towery en afgodsdiens;
- Onreg - skadelike optredes en dade;
- Rassisme - rassehaat en etniese trots;
- Onheilige verbonde.

En/of

Soek My aangesig deur te bid vir deurbrake ten opsigte van die volgende sake wêreldwyd:

- Die MIV/VIGS pandemie.
- Die groeiende getal arm en behoeftige mense.
- Korrupsie op alle vlakke.
- Die vervolgde kerk in baie lande.
- Oorloë, bloedvergieting en etniese geweld - bid ook vir die miljoene vlugtelinge.
- Kinders in nood: mishandeling en uitbuiting van kinders.

9. Soek My aangesig vir die nasies (5 min)

Skryf die name van vyf lande neer en bid vir hulle.

1._____

2._____

3._____

4._____

5._____

- vir herlewing;
- vir die redding van onbereiktes en ongereddenes;
- vir volwasse en godvresende geestelike leiers;
- vir die vermenigvuldiging van toegewyde volgelinge;
- vir 'n sendingontwaking in plaaslike gemeentes.

En/of

- Bid dat die nasies sal ontdek dat Jesus die weg, die waarheid en die lewe is. (Joh.14:6).
- Bid dat die onbereikte mensegroepe op aarde deur die evangelie bereik sal word.(Luk.24:46-48)
- Bid dat die Here Sy vrede en heerlikheid oor lande en nasies sal uitstort. (Sag.9:10)

- Bid dat konings en regerings hulle sal onderwerp aan die heerskappy van Jesus as die Koning van die konings.(Jes.49:7)
- Bid dat die Here die nasies sal seën.(Jer.4:1-2)

10. Soek My aangesig vir My wil om te geskied op die aarde (5 min)

- Vir die openbaring van God se heerlikheid oor die hele aarde
- Vir die genesing van die nasies
- Vir versoening op alle vlakke (gesinne, kerke, etniese groepe of rasse, lande, ens.)
- Vir die verbreking van vestings, strukture en politieke stelsels wat die lewens van mense vernietig.
- Vra vir God se seën oor die nasies.

En/of

Soek My aangesig vir versoening van mense met God en met mekaar (5 min)

- Bid dat nasies sal bely as hulle hulle eie mense en ander nasies seergemaak, onderdruk of misbruik het.
- Bid vir versoening op alle vlakke (in gesinne, onderdrukking van vroue en kinders, tussen kerke en denominasies, etniese groepe of rasse, tussen state, ens.).
- Bid vir die verbreking van vestings, strukture en politieke stelsels wat die lewens van mense vernietig.
- Bid dat indiwidue, gesinne en etniese groepe ander sal vergewe wat hulle geweld aangedoen het.
- Bid dat mense mekaar sal vergoed en vergewe.

11. Soek My aangesig deur te bid vir die jeug (5 min)

- Dat hierdie generasie jongmense hulle eie generasie sal bereik met die evangelie.
- Dat jongmense ’n nuwe intimiteit en gehoorsaamheid tot God sal bereik.
- Vir radikale, gehoorsame dissipels wat in heiligheid lewe.
- Om die Here radikaal te dien en Hom blindelings te volg.
- Vir medelydende harte, om selfs die armste en ellendigste mense te bereik en hulle te bedien.

12. Soek My aangesig met lofprysing en aanbidding (5 min)

Sluit jou gebedstyd af met lofprysing en aanbidding. Lees enige een van die Psalms 144-150. Dank die Here vir Sy goedheid. Seën mense wat in jou gedagtes opkom in die Naam van die Here Jesus Christus.

6.2 Model 2 ('n praktiese gids oor hoe vir een uur te bid (12 x 5 min))

Die uur wat die wêreld verander

In sy boek *The hour that changes the world*, stel Dick Eastman voor dat jy 'n uur in 12 vyf minute periodes indeel. Na elke 5 minute beweeg jy aan na 'n ander vorm van gebed.

1. Lofprysing/Aanbidding is 'n daad van bewondering van en toewyding aan God. (5 min)

Ps.115:1 sê: *"Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys."*

- Aanbid God vir wie Hy is: die een wat jou geskep het - vir Sy onfeilbare Woord - vir jou verlossing - dat jy in Sy plan ingesluit is…
- Dit is om God te verhoog en te vereer.
- Dit is om God te erken vir wie Hy is, om Hom met ons woorde, ons hele wese en ons gebedshouding groot te maak.
- Loof Hom vir Sy Naam, Sy geregtigheid, liefde, heiligheid, almag, grootheid, trou, alomteenwoordigheid, Sy Woord, Sy skepping, Sy verlossingsdade ens. Jy kan bv. elke keer 'n ander tema kies om in hierdie tyd van lofprysing en aanbidding te gebruik. Brei soveel moontlik op hierdie tema uit, oordink dit, oorweeg wat die praktiese implikasies daarvan vir jou en ander se lewens is.

2. Wag op die Here is 'n daad van oorgawe aan en liefde vir God en bewondering van God (dikwels woordelose aanbidding). (5 min)

Ps.46:11: "Wees stil en weet dat Ek God is."

- Dit is waar ek stil word voor God.
- Waar ek geestelik die deur toemaak vir enige invloed van die wêreld.
- Waar ek deur 'n daad van geloof in Sy teenwoordigheid kom staan.
- Dit is om God te aanbid en te prys vir wie Hy is.
- In hierdie stilte periode stel ons ons in op God self, rig ons ons wese op Hom en wy ons ons opnuut aan Hom toe. Ons verbly ons in Sy teenwoordigheid en oor Sy teenwoordigheid.
- Dit is 'n tyd van diep persoonlike en intieme kommunikasie met God, dit is wanneer ek as beperkte en eindige wese in die teenwoordigheid van God as die Onbeperkte en Oneindige Wese kom staan.
- By hierdie punt maak ons seker dat ons lewende kontak met God maak. Hierdie tyd van wag op die Here kan nie afgejaag word nie, daar is nie plek vir ongeduld en haastigheid nie.
- In hierdie periode dink jy aan niks anders as aan God die Vader, Sy Seun Jesus, jou Verlosser en die Heilige Gees nie.
- Gedagtes wat by jou opkom, hoef jy nie noodwendig om te sit in woorde nie. Konsentreer op jou verhouding met God en jou liefde vir Hom.

3. Sondebelydenis/verootmoediging is 'n daad van belydenis en reiniging van myself as God se tempel sodat ek vrye toegang tot God kan hê. (5 min)

"Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en Sy oor is nie te doof om te hoor nie. Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie." (Jes.59:1-2) "Maar as ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid." (1 Joh.1:9)

- Dit is die plek waar ek sonde op sy naam noem, my skuld bely, erken dat dit verkeerd is en daarvan wegdraai - en God se vergifnis aanvaar.
- Waar ek God vra om met elke vorm van hoogmoed en liefdeloosheid te deel.
- Dit is 'n tyd van selfondersoek en om die Heilige Gees toe te laat om enige onbelyde sonde aan jou uit te wys. Verlossing en vergifnis van ons sonde verkry ons slegs deur die bloed van die Here Jesus en op grond van Sy soendood aan die kruis.

- In sondebelydenis vra ek nie dat God noodwendig omstandighede moet verander nie, maar dat Hy mý sal vergewe en mý sal verander.

4. Bid die Skrif is om myself geestelik te voed en volgens God se agenda en openbaring te bid. (5 min)

- Dit is Woord-verrykte gebed - die Woord is jou handleiding om te bid.
- Dit is om volgens God se beloftes te bid. God se beloftes in die Woord wek geloof in ons harte.
- Die Bybel is in die eerste plek 'n boek wat geglo en gehoorsaam moet word. In hierdie periode vra ek: "Here, watter beloftes kan ek vir my toe-eien, watter bevele moet ek gehoorsaam, op watter waarskuwings moet ek ag slaan?
- Ons moet die Here dag en nag aan die beloftes in Sy Woord herinner. Soos wat jy die Bybel lees, moet jy vir die Here vra hoe om dit toe te pas in jou lewe en in jou gebedstyd.

5. Waak is 'n tyd van geestelike waarneming, om geestelik te waak, om geestelik bedag te wees op sake waarvoor daar gebid moet word. (5 min)

"Volhard in die gebed! Wees daarby waaksaam en dankbaar" (Kol.4:2)

- Om te waak en om bewus te wees van die moontlikheid van aanvalle van die Satan. Bid en vra die Heilige Gees om jou te wys op die planne (drogredenasies), metodes, vestings en strategieë van die Bose.
- Om bedag te wees op enige leiding van die Here.
- Om bedag te wees op enige openbaring van God.
- Vra vir insig, onderskeiding, wysheid en om te verstaan waarop jy moet fokus en wat jou prioriteite moet wees.
- Om te verstaan wat die wil van God is, waar Hy jou wil gebruik vandag.
- Om vir die Here te vra wat op Sy hart en op Sy agenda is.
- Is daar dinge wat in die koerante staan, wat ons oor die radio hoor of op die TV sien waarvoor ons moet bid; dinge soos ekonomiese probleme, politieke onrus en oorloë, waaroor God wil hê jy moet bid?

6. Voorbidding/Intersessie is om vir ander mense in te tree, om te konsentreer op die nood en behoeftes van ander mense, om vir ander in die bres te staan. (5 min)

"Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid." (1Tim.2:1-2)

- Om te bid vir God se plan in ander se lewens.
- Om tussen God en ander mense te gaan staan en vir hulle behoeftes te bid - te vra vir genade en barmhartigheid.
- Dit is 'n geestelike posisie voor God - om daar te bly staan totdat jy die versekering het dat God jou gehoor het en Hy jou vrystel om nie meer daarvoor te bid nie.
- Dit is God se metode om Sy kinders te betrek in Sy plan met die wêreld.
- Wanneer jy voorbidding doen, staan jy aan God se kant en werk jy saam met Hom tot redding of voordeel van iemand anders.
- Daar kan tye van "geestelike oorlogvoering" in ons gebedstyd wees. Bid en vra die Here om deur die werking van die Heilige Gees aan jou te toon waar magte van die Bose aan die werk is. Vanuit jou outoriteit in Christus moet jy die magte van Satan in Jesus se Naam bind, hulle vestings verbreek en drogredenasies vernietig. Weerstaan die duiwel en gee aan hom geen vashouplek nie. Jesus het die Bose aan die kruis oorwin. Ons as gelowiges, moet hierdie oorwinning op elke terrein van die lewe gaan proklameer.

7. Versoeke vir jou persoonlike behoeftes. (5 min)

"Gee ons vandag ons daaglikse brood" (Matt.6:11) "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend." (Fil.4:6) Jabes het die God van Israel aangeroep met die woorde: "Stort U seën oor my uit, vergroot my grondgebied, neem my onder U beskerming en weerhou onheil van my sodat geen smart my tref nie." (1 Kron.4:10)

- Om vir my "daaglikse brood" te bid.
- Om my eie nood, emosies, krisisse, behoeftes en begeertes na God toe te bring.
- Met nederigheid en in totale afhanklikheid kom vra ek God om in my behoeftes te voorsien.
- Ek kom as God se dienskneg en Sy kind.

- Moenie voorskriftelik wees nie.
- Kom met geloof en vertroue - as God se vriend.
- Wees spesifiek.
- Christene mag met vrymoedigheid hulle persoonlike behoeftes na die Vader toe bring en hulle kan met 'n verwagting bid, selfs oor die kleinste dingetjies.
- Waak teen selfsugtige begeertes.

8. Danksegging is 'n tyd waarin ek my waardering teenoor God uitspreek vir Sy sorg en beskerming en vir wie Hy is. (5 min)

"Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag." (1Tess.5:18)

- Dink oor die dag en dank God vir Sy sorg vir jou en ander.
- Dank God vir nuwe dinge wat Hy gedoen het en doen: geestelik, fisies, sosiaal.
- Dank Hom oor wie Hy is, Sy gawes, antwoorde op gebed...al Sy seëninge.
- Wees spesifiek in jou danksegging.

9. Sang is melodieuse lofprysing/aanbidding. (5 min)

"Juig tot eer van die Here, almal op aarde! Dien die Here met blydskap! Kom voor Hom met gejubel! Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is Sy volk, Sy eie kudde. Gaan Sy poorte binne met dankliedere, Sy tempel met lofsange, dank Hom, prys Sy Naam, want die Here is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie, Sy trou duur van geslag tot geslag." (Ps.100)

- Dit is 'n aksie om God met geestelike liedere te aanbid en te prys.
- Dit kan 'n "battle cry" teen die magte van die duisternis wees. Sang en geestelike oorlogvoering (ons stryd teen die Bose) is onlosmaaklik deel van mekaar.
- Gebruik bekende liedere of sing jou eie nuwe liedere. Jy kan begin deur Skrifgedeeltes te neem en daarvan liedere te maak.
- Dit is om die Vader deur sang te verheerlik, te bewonder en te aanbid.

10. **Oordenking (meditasie) is om 'n saak dieper te oordink of te ondersoek, om dit geestelik te evalueer. (5 min.)**

"Dit gaan goed met die mens...wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink." (Ps.1:1-3) "Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees." (Jos.1:8)

- Mediteer (oordink) oor die wese en die natuur van die Drie-Enige God, Sy skepping, Sy dade (werke) en karakter.
- Neem 'n spesifieke tema uit die Skrif en dink daaroor (geregtigheid, liefde, waarheid, lig, vrede, heiligheid, ens.).
- Neem 'n Skrifgedeelte en oordink dit (mediteer).
- Maak God self die hooffokus van jou meditasie/oordenking: Sy werke of dade, Sy Woord, Sy karakter.

Christelike oordenking (meditasie) staan teenoor Oosterse meditasie. In Oosterse meditasie gaan dit hoofsaaklik oor 'n passiewe gemoedstoestand en om jou verstand "leeg" te maak. Vir die Christen is oordenking 'n aktiewe proses van evaluering, ondersoek en bepeinsing waarby jy met jou volle verstand betrokke is en waar jy jou deur die Skrif en die Heilige Gees laat lei. Oordenking is om gedissiplineerd na te dink. Waak dat die Satan nie sy gedagtes in jou plant nie. Waak ook teen negatiewe gedagtes in hierdie periode. Bedink alles wat waar, rein, edel, reg, mooi en prysenswaardig is. Wanneer jy 'n betrokke gedeelte uit die Skrif oordink, moet jy onder andere vir jouself vra wat hierdie gedeelte vir jóú wil sê.

11. **Luister is 'n periode waarin jy opdragte van God ontvang, waar jy Hom vra om vir jou dinge te wys wat Hy wil hê dat jy sal raaksien en aan aandag moet gee. (5 min)**

"Moenie te gou praat nie, moenie oorhaastig 'n belofte aan God maak nie, want Hy is in die hemel en jy op die aarde. Laat jou woorde daarom min wees." (Pred.5:2)

- Dit is om na die innerlike stem van die Heilige Gees te luister.
- Waar jy vra: Wat is daar wat U wil hê ek moet doen? Wat is U wil vir vandag?
- Om leiding uit die Woord te soek.

- Om God doelbewus te vra om Sy wil en strategieë/planne aan jou bekend te maak.
- In wag op die Here gaan dit om God *lief te hê.* Tydens oordenking wil ons meer van God leer. In die periode van *luister* wil ons hoor wat God vir ons wil sê. In hierdie periode vra ek: *"Here, wat verwag U van my, wat is U wil vir my?"*
- Jy kan ook vir die Here spesifieke vrae vra, miskien moeilike vrae waarop jy nie antwoorde het nie. Wees sensitief vir die Heilige Gees.
- Wees versigtig om sommer vinnig te sê: "Die Here het dit en dat vir my gesê".

12. Lofprysing is om God groot te maak, te verheerlik, aan Hom te sê dat jy weet tot Wie jy gebid het en dat jy Hom vertrou met jou gebede. (5 min)

"Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen." (Matt.6:13)

- Maak jou amen aan die einde sterk en bevestig daarmee dat jy glo dat God jou gehoor het en sal verhoor. Amen beteken: dit is waar en seker, dit sal so wees.
- Dit is 'n finale geestelike daad om God op die troon van jou lewe te plaas.
- Dit is waar jy bely: Aan U behoort die koninkryk en die mag en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen.

7 Afdeling 7 - Bid die Woord

7.1 Hoekom ons die Woord moet bid
7.2 Hoe om die Woord te bid
7.3 30 Woordgebede

Hudson Taylor het gesê: "Ons (Christene) is bonatuurlike mense, weergebore deur 'n bonatuurlike geboorte, aangedryf deur 'n bonatuurlike krag en gevoed deur bonatuurlike voedsel, geleer deur 'n bonatuurlike leermeester uit 'n bonatuurlike Boek." E.W.Kenyon het gesê: "Vas en lang ure van gebed bou nie geloof nie.....om boeke te lees oor geloof en manne van geloof en hulle prestasies wek 'n sterk begeerte na geloof, maar dit bou nie geloof nie. Die Woord alleen is die bron van geloof." Andrew Murray het gesê: "'n Bietjie van die Woord met 'n bietjie gebed is dodelik vir die geestelike lewe. Baie van die Woord met 'n bietjie gebed gee 'n sieklike lewe. Baie gebed met 'n bietjie van die Woord gee meer lewe, maar sonder standvastigheid. 'n Volle maat van die Woord en gebed elke dag gee 'n gesonde en kragtige lewe."

Die geloof kom dus deur die prediking wat ’n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus. (Rom.10:17) As ’n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon. (Heb.11:6) En omdat God aan die erfgename van die belofte bo alle twyfel wou verseker dat Sy besluit onveranderlik is, het Hy dit met ’n eed gewaarborg. (Heb.6:17)
God kan nie ontrou aan Sy Woord wees nie. God openbaar Homself deur Sy Woord. Hy wys Sy karakter vir ons deur Sy Woord. Die beloftes in die Woord is in lyn met Sy wese en Sy karakter, waaraan Hy nooit ontrou kan wees nie.

7.1 Hoekom ons die Woord moet bid

Wanneer ons die gesag van die Woord en die posisie van die Woord in ons lewens verstaan, sal ons die Woord wil bid. Die volgende is enkele redes hoekom ons die Woord moet bid:

- God maak Sy wil in die Woord bekend. Wanneer ons die Woord bid, bid ons die wil van God en wanneer ons volgens die wil van God bid, sê die Woord dat ons gebede beantwoord sal word. (1Joh.5:14-15)

- Sekulêre boeke verskaf kennis en insig, maar dit is net wanneer ons die Woord lees, dat ons tot geloof kom. Wanneer ons die Woord bid, raak die geloof in ons harte meer. (Rom.10:17)
- Die Woord/Skrif openbaar God se prioriteite. Wanneer ons volgens die Woord bid, leer ons wat hierdie prioriteite is en kan ons ons lewens by hierdie prioriteite aanpas.
- Die Woord het gesag. Toe God die Vader die Heelal geskep het, het Hy dit deur Sy Seun, die Woord, gedoen. Die Woord het 'n woord gespreek en daar was lig en lewe en mense en hemelse liggame. Wanneer ons die Woord proklameer, word dit 'n aankondiging in die geestelike koninkryk - die Woord het steeds dieselfde krag. Wanneer ons tot die Lewende Woord bid, het dit die krag om te skep en te herskep.
- Die Woord leer ons van God. Sy karakter, Sy wese, krag, vermoëns en karakter-eienskappe. Wanneer ons God beter verstaan, kan ons met meer geloof bid. Geloof is so sterk soos die persoon in wie jy glo.

7.2 Hoe om die Woord te bid

Enige van die volgende manier om te bid kan individueel, korporatief of in 'n 24/7 gebedskamer gebid word:

- **Lees die Woord:** Die maklikste manier om die Woord van God te bid is om dit eenvoudig hardop te lees (proklameer, bely, verklaar die Woord) van Genesis tot Openbaring.
- **Psalms:** Die vroeë kerk het groot klem geplaas op die bid van die Psalms. In die Psalms is al die verskillende vorme van gebed, soos verering, aanbidding, lof, verootmoediging voor God, smeking, intersessie, geestelike oorlogvoering en profesie. Dit is deur die bid van die Psalms (hulle het dit hardop, op hulle knieë gebid) dat die vroeë kerk genoeg geloof gekry het om na die heidengemeenskappe uit te reik met die evangelie van verlossing.
- **God se beloftes:** Daar is talle beloftes oor baie situasies, omstandighede en kwessies in die Woord van God. Deur hierdie Skrifte te lees, daaroor te mediteer en te proklameer, vermeerder ons geloof en dit help ons om te verstaan hoe God wil hê ons in verskillende omstandighede moet optree. Dit help ons om met wysheid en kennis te bid en in te tree, eerder as vanuit vrees en angs.
- **God se wil en Sy opdragte:** Deur die Woord te lees, ontdek ons God se opdragte, Sy wil en Sy mandaat aan Sy kerk in die wêreld. Bou jou gebede uit die Skrif rondom hierdie opdragte en mandaat.

- **Profesieë:** Die Woord van God is vol profesieë wat nog vervul moet word. Profesieë rondom onsself, ons gesinne, ons volk en God se oogmerke in die eindtyd. Ons moet hierdie profesieë in vervulling bid.
- **Vers na vers:** Wanneer jy die Woord lees kan jy elke vers wat tot jou hart spreek, verander in 'n persoonlike gebed vir geestelike groei, fisiese of emosionele genesing. Vestig jou gedagtes op hierdie lewegewende woorde eerder as op probleme of wêreldse kwessies. Verander die Woord van God in gebede en bid Sy Woord terug na Hom.
- **Oordenking:** Lees die Woord hardop of saggies met die doel om 'n ontmoeting met God te hê. Wanneer jou gees in geloof Sy teenwoordigheid ervaar, gee die Heilige Gees dadelik geleentheid om jou dieper in bepeinsing en refleksie oor die Persoon van God te neem. Vertoef daar in Sy teenwoordigheid. Soms kan hierdie gebed sonder woorde 'n meer diepgaande effek op ons en ons wêreld hê as baie gebede wat ons vanuit ons gedagtes bid.

7.3 30 Woordgebede

1. Seën ons gemeenskap

Vader, in die Naam van die Here Jesus Christus vra ons dat U ons gemeenskap sal seën. Dat U ons sal seën en beskerm; dat U tot ons redding sal verskyn en ons genadig sal wees; dat U ons gebede sal verhoor en aan ons vrede sal gee! (Num.6:24-25). Ons bid dit vir ons bure, ons kollegas by die werk, vir die polisie en die mense in tronke, vir die kinders in die skool, die dokters, verpleegsters en pasiënte in hospitale, vir die vaders en moeders in ons gemeenskap en vir die besighede, die onderwysers in skole, die stadsraad en regeringsamptenare, die haweloses, die werkloses, die wat betrokke is by allerlei vorme van verslawing, die behoeftiges, die president van ons land en sy adviseurs, die ministers in die regering en al hulle personeel.

Aan U, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! U het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is (Ef.1:3). Soos wat Jabes uitgeroep het tot die God van Israel, roep ons U aan vir ons gemeenskap. “Stort u seën oor ons uit, vergroot ons grondgebied, neem ons onder U beskerming en weerhou onheil van ons sodat geen smart ons tref nie" (1Kron.4:10).

God, wat vrede gee, sal U ons volkome aan U toegewyd maak en ons geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat ons onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom (1Tess.5:23-24). Aan U wat magtig is om ons van struikeling te bewaar en ons onbevlek en met vreugde U heerlikheid te laat aanskou, aan U, die enigste God, ons Verlosser deur Jesus Christus ons Here, aan U behoort die heerlikheid en die majesteit, die krag en die mag, van alle ewigheid af, ook nou en tot in alle ewigheid! Amen.

Here Jesus, mag U genadig oor ons gemeenskap wees! (1 Kor.16:23).

2. Ons verhoog U Naam

Ons Hemelse Vader, U is hoog en verhewe en leef in ewigheid. U Naam is Heilig (Jes.57:15). Laat U Naam in ons gemeenskap geheilig word (Matt.6:9). U het ons beveel om nie U Naam in oneer te misbruik of om ‘n vals eed in U Naam af te lê nie (Eks.20:7; Lev.19:12; 24:16). Tog is U Naam oneer aangedoen onder die nasies deurdat ons U nie aangeroep het nie, maar vreemde gode om hulp gevra het (Eseg.36:23; Ps.44:21). Ons bely dat ons ongehoorsaam was aan U bevel. Wanneer ons nou bid en U Naam bely, en wegdraai van ons verkeerde weë, luister tog uit die hemel, en herstel ons (2 Kron.6:32,33). Vergewe ons asseblief en heilig U Naam sodat al die nasies, selfs U vyande, sal besef dat U die Here is en ontsag vir U sal hê (Eseg.36:21,23; Jes.64:2; Ps.102:16).

Behalwe U, Here ons God, het ander meesters oor ons en ons gemeenskap regeer, maar ons wil net U Naam onthou (Jes.26:13). Die begeerte van ons hart is om U Naam in ons gemeenskap te eer en U aan te roep (Jes.26:8). Selfs in die nag wil ons aan U dink en U waardeer (Ps.119:55; Mal.3:16). Leer ons U pad Here, ons wil wegbreek van die ongeregtigheid en wandel in U waarheid; leer ons om U met toewyding te dien (Ps.86:11; 2Tim.2:19; Openb.2:13; 3:8). U Naam is wonderlik, soos suiwer parfuum en ‘n sterk vesting waar ons skuiling vind (Rigt.13:18; Hoogl.1:3; Spr.18:10; Ps.61:3).

3. God se genade en barmhartigheid

Barmhartige Vader, hoor tog die gebed van U dienaars, hoor ons smeek om barmhartigheid (1Kon.8:28). Soos die oë van ‘n slaaf gerig is op die hand van

sy eienaar, soos die oë van ‘n slavin gerig is op die hand van haar eienares, so is ons oë op U gerig, Here ons God, totdat U U oor ons ontferm (Ps.123:2). Ons kom met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade kan ontvang en so op die regte tyd gered kan word (Heb.4:16; Ps.5:8; 6:9; 28:2). Moet tog nie U ontferming van ons weerhou nie, Here. Laat U liefde en trou ons voortdurend bewaak (Ps.40:12). So groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is U liefde vir diè wat U dien. U is goed; U liefde vir die wat U dien, is onverganklik en U trou vir opeenvolgende geslagte (Ps.103:11,17; 106:1; Luk.1:50). U is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. U betoon U liefde aan duisende geslagte. U vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar U spreek niemand sonder meer vry nie. U reken kinders en kleinkinders die sondes van die vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag. U is vir almal goed en barmhartig oor alles wat U geskape het (Eks.34:6-7; Ps.145:9). Deur U liefde vergaan ons nie en daar is geen einde aan U ontferming nie. As U beproewing oor ‘n mens gebring het, ontferm U U weer, want U liefde is groot (Klaagl.3:22,32). U, as soewereine God, verklaar: “Ek betoon genade aan wie Ek genade wil betoon en Ek ontferm My oor wie Ek My wil ontferm.” (Eks.33:19; Rom.9:16,18). Moet ons tog nie uitsluit van U ontferming nie, Here, laat U liefde en trou ons voortdurend bewaak (Ps.40:12).

4. Ons aanbid U

Aan U alleen behoort die heerlikheid tot in ewigheid! (Rom.11:33-36). Aan U wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! (1Tim.1:17). Ons eer U ons God, die goeie en enigste Heerser, die Koning van die konings en die Here van die heersers. U alleen besit onsterflikheid, U woon in ontoeganklike lig. Geen mens het U gesien of kan U sien nie. Aan U kom toe eer en ewige mag! (1Tim.6:15-16).

Here, ons verklaar dat U in die begin die aarde gevestig het, die hemele is ook die werk van U hande. Die dinge sal vergaan, maar U bly bestaan; soos ‘n kledingstuk sal alles verslyt; soos klere sal U dit oprol; ja, soos ‘n kledingstuk sal dit vervang word. Maar U, U bly dieselfde, en U jare het geen einde nie (Heb.1:10-12).

Here Jesus, U is die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het U ons deur U bloed van ons sondes

verlos en ons U koninkryk gemaak, priesters vir God ons Vader. U is die Alfa en die Omega, U wat is en wat was en wat kom, die Almagtige (Openb.1:5-8). Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep (Openb.4:11). Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang (Openb.5:12). Groot en wonderbaarlik is U dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies. Wie sal U nie vrees nie, Here, en U Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat U handelwyse regverdig is (Openb.15:3-4).

5. Vir U genade en barmhartigheid

Wees ons genadig, O God, maak ons gemeenskap tog gesond deur U troue liefde en wis ons oortredings uit in U groot barmhartigheid (Ps.41:5; 51:3). As ons ons sonde wegsteek, kan ons niks goeds te wagte wees nie; daarom wil ons ons sonde bely en daarvan afsien, sodat ons genade kan ontvang (Spr 28:13). Moet tog nie die ongeregtighede van vorige geslagte op ons laat neerkom nie, ontferm U tog gou oor ons, want ons kragte is gedaan (Ps.79:8).

Wie is ‘n God soos U? U vergewe sonde en straf nie die ongeregtighede nie, U bly nie vir altyd kwaad nie, maar U betoon liefde en genade (Miga 7:18). Wees die mense in ons gemeenskap genadig, net soos U teenoor Israel genadig was. In U groot ontferming het U hulle nie heeltemal uitgewis nie en hulle nie verlaat nie. Laat diegene wat nie voorheen in U ontferming gedeel het nie, nou U barmhartigheid ontvang sodat hulle U kan eer (Neh.9:31; 1Pet.2:10; Rom.15:9).

U het aan ons bekend gemaak wat goed is: U vra van ons dat ons reg sal laat geskied, dat ons genade en trou sal bewys, en dat ons bedagsaam sal lewe voor ons God (Mig.6:8). Help ons om volgens U wil te lewe; help ons om U voorbeeld na te volg deur reg te laat geskied aan almal, en liefde en barmhartigheid te bewys aan mekaar. “Geseënd is die wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.” (Sag.7:9; Matt.5:7; Rom.12:18). Help ons dat ons nie geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid nalaat nie (Matt.23:23). Saam met die kerk van al die eeue roep ons tot U: “Here Jesus Christus, Seun van die Lewende God, ontferm U tog oor ons!” (Matt.9:27; Luk.18:38; Matt.15:22). Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan ons geskenk word! (Judas 2).

6. Vir die genesing van ons land

U het die mens geskep as U verteenwoordigers op aarde, man en vrou het U hulle geskep om die aarde te bewoon en te heers oor die visse in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde (Gen.1:26). U het aan al die mense op aarde die asem gegee en lewe aan alles wat op die aarde beweeg (Jes.42:5; Gen.2:7). U het aan die mens kos voorsien – al die plante wat saad gee op die hele aarde, ook al die bome wat vrugte dra en saad gee. Alles wat roer en lewe, is as kos aan ons gegee. (Gen.1:29; 9:3; Deut.12:15). Dit is U, Here God wat die aarde vrugbaar maak, U laat gras uitspruit vir die diere, en groen plante vir die mens sodat hy sy kos uit die aarde kan kry: wyn om mense se harte bly te maak, olie om die gesig te versorg en kos om die mens nuwe krag te gee (Gen.1:11; 27; 28; Ps.104:14,15). U, Here God, gee vir die land sy reën op die regte tyd lente- en somerreëns (Ps.65:10,11; 147:8; Deut.11:14).

U heers oor die hele aarde (Ps.97:1), maar U het die aarde aan die mense as woonplek gegee en om oor te heers (Ps.115:16; Gen.1:16). U is bewus van alles wat op aarde gebeur (Sag.4:10; Ps.33:13). U hou slegte en goeie mense dop (Spr.15:3). Daar is niks in die skepping wat vir U onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor U oë, en ons moet aan U rekenskap gee (Heb.4:13). Hier waar ons nou voor U staan, bely ons dat ons, die mense van hierdie gemeenskap, U gefaal het in ons opdrag wat ons van U ontvang het. Ons land is verontreinig deur ons ongehoorsaamheid aan U en omdat ons U voorskrifte geminag het en U verbond verbreek het (Gen.6:11-12; Jes.24:4-6). Wees ons asseblief genadig wanneer ons as kinders van God na U terugdraai en pleit om vergifnis (Rom.8:19-23) en vir die genesing van ons gemeenskap en ons land (2Kron.13-15).

7. Belydenis vir bloedvergieting

Here God, U is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. U vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde (Eks.34:6,7).

Wees ons genadig, want selfs die uithoeke van die land is verontreinig, korrup en vol geweld (Ps.74:20; Gen.6:11,12; Jes.24:12). Die aarde laat dorings en dissels uitspruit en spoeg sy bewoners uit (Gen.3:17,18; Lev.18:25-28). Ons land is vol bloedvergieting, ons dorpe en stede vol van geweld en ongeregtighede. Ons en die vorige geslagte het weinig respek vir lewe getoon

(Eseg.7:23; Hab.2:12). As gevolg van bloedvergieting - moorde, oorloë en aborsies, het menige mense doellose swerwers op aarde geword (Gen.4:11,12). Die grond is vervloek en lewer nie sy opbrengs wanneer dit bewerk word nie. Die hemel het brons geword en die aarde onder ons, yster (Gen.4:12; Deut. 28:23; Ps.107:34). U haat hande wat met bloed bevlek is en U sal U oë vir ons toemaak wanneer ons bloedbevlekte hande in gebed na U uitstrek (Spr.6:17; Jes.1:15; 59:2). U leer ons dat die lewe van 'n persoon in sy bloed is en dat hulle bloed van die aarde af na U roep om wraak (Gen.4:10; Lev.7:11).

Here, ons Verlosser, vergewe ons asseblief vir al die bloedvergieting in ons land en in hierdie gemeenskap; verwyder die vloek van bloedvergieting van die grond, was ons skoon van ons skuld en reinig ons van ons sonde (Joel 3:21; Ps.51:3,14). Dis U wat die oorloë op aarde laat ophou wanneer U tussen baie volke oordeel en regspreek oor sterk nasies (Ps.46:10; Miga 4:3). Wees ons genadig en vestig U koninkryk in ons gemeenskap en ons land, hou dit in stand deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd (Jes.9:6,7; Sag.9:10; Rom.14:17).

8. Belydenis vir afgodery

Here, Almagtige, God van Israel, U wat oor die gerubs troon, U alleen is God oor al die koninkryke van die aarde, U het die hemel en die aarde gemaak (Jes.37:16). Daar is buiten U geen God nie; net U is 'n God wat regverdig is en red (Jes.45:21). Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit U werke duidelik aflei dat U krag ewigdurend is en dat U waarlik God is. Daar is dus geen verontskuldiging vir die mens nie omdat, al weet ons van U, het ons U nie as God geëer en gedank nie. Met ons redenasies bereik ons niks en deur ons gebrek aan insig, bly ons in die duister. Ons, en vorige geslagte, het die waarheid van God verruil vir die leuen. Ons dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper (Rom.1:20,25). Ons het vreemde gode om hulp gevra (Ps.44:21). Deur ons afgodery, onsedelikheid en selfverering het ons die land verontreinig (Kol.3:5; Ps.106:38; Eseg.22:4; 36:18). U het ons beveel om vir ons geen gode te maak nie. Geen beelde of klip-pilare op te rig, geen klippe met afbeeldings te hê wat deur ons vereer word nie. U, die Here, is ons God (Lev.26:1).

Ons pluk nou die vrugte van ons sondigheid. Droogte teister ons, hongersnood roei mens en dier uit, oorloë woed tussen nasies en natuurrampe verwoes ons land omdat ons troueloos teenoor U was en van U weggedraai het asof U gefaal het! (Eseg.14:12-21; Jer.2:5). Here, ons is te skaam en het nie die vrymoedigheid om ons koppe voor U op te tel nie. Ons sonde is hoog opgestapel, ons misdade staan hemelhoog (Esra 9:6,7). Ons het gesondig, net soos ons voorvaders, het ons verkeerd gedoen en is skuldig. Wees ons genadig en vergeef ons asseblief ons sondes (Ps.106:6). Gooi reinigingswater oor ons uit sodat ons rein kan word van ons onreinheid en afgodery (Eseg.36:25,26). Sorg asseblief dat ons die name van afgode nie weer noem nie en dat ons hulle nooit weer aanroep nie. Rig U kerk op wat rein en vlekkeloos is en wat die ryke verskeidenheid van U wysheid aan elke mag en gesag in die hemelruim bekend kan maak (Hos.2:17; Ef.3:10).

9. Belydenis van onreg en gebroke verbonde

Almagtige God en Vader van ons Here Jesus Christus, ons prys U vir U grootheid. U is die Rots, U werk is volmaak, alles wat U doen, is regverdig. U is die getroue God, sonder onreg; U is regverdig en betroubaar (Deut.32:3,4). U troon is gebou op geregtigheid en reg, barmhartigheid en trou staan in U diens (Ps.89:15). U laat reg geskied aan die weeskind en die weduwee. U het die vreemdeling lief en gee vir hom kos en klere (Deut.10:18). Die hele wêreld is vol van U troue liefde, O God (Ps.33:5). U het aan ons bekend gemaak wat goed is: U vra dat ons reg sal laat geskied, dat ons liefde en trou sal bewys en dat ons bedagsaam sal lewe voor ons God (Miga 6:8).

Regter van die hele aarde, ons smeek om genade en barmhartigheid vir ons gemeenskap en ons land. Daar is geen sprake van reg en geregtigheid vir ons nie. Ons struikel en val as gevolg van ons oortredings en ons sondes kla ons aan. Ons oortredings bly ons by, ons bly bewus van ons sondes: die oortreding en die geveinsheid teenoor U, Here. Ons beplan onderdrukking en verdraai die reg. Reg het van die toneel verdwyn, geregtigheid is ver van ons af. Die waarheid struikel waar reg nie gespreek word nie. (Jes.59:9-15). Die land is in rou, dit is besoedel deur sy inwoners omdat ons die wette oortree en nie ons verbond met U gehou het nie. Daarom word ons land deur ‘n vloek verteer (Jes.24:3-6). Ons bou huise met onreg en laat mense werk sonder betaling (Jer.22:13). Baie van ons stede is aangelê op onreg (Hab.2:12). Ons verdraai die reg van die armes, ontsê die armes hulle reg, buit weduwees uit en plunder

weeskinders (Jes.10:2). Ons bely ons sondes en vra om vergifnis, ons draai terug na U toe. Vul ons harte met waarheid en geregtigheid en genees ons land. Ons vra dit in die Naam van Jesus.

10. Belydenis vir onsedelikheid

Here God, ons het die land verontreinig deur egskeidings, met afskuwelike seksuele praktyke soos homoseksualiteit, bloedskande, seksuele losbandigheid en prostitusie (Jer.3:1-3; Rom.1:26,27; Lev.18:23). Ons bely dat ons geslag gevul is met alle ongeregtighede, seksuele onsedelikheid, boosheid, ontrouheid, gierigheid, selfsug, moord, hoogmoed, valsheid en bose gedagtes. Mense is vol boosheid, hebsug, gemeenheid; vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en praat kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand. Mense dink kwaad uit en is ongehoorsaam aan hulle ouers, onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos en hardvogtig (Rom.1:29,20). Ons bely dat ons, selfs in die kerk ons liggame besmet met onsedelikheid en so die tempel van die Heilige Gees beskadig (1Kor.6:18-20). Ons erken en bely dat ons skuldig staan voor U.

As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here, wie sou dan nog bestaan? Maar by U is daar vergifnis: daarom word U steeds gedien (Ps.130:3,4). Ja U, Here ons God, bewys barmhartigheid en U vergewe, al was ons opstandig teen U (Dan.9:9). Ons staan in nederigheid voor U en vra dat U ons lei in die waarheid en leer ons U pad (Ps.25:9). Help ons dat ons nie deur ons sondige natuur beheer sal word nie, maar dat ons ‘n einde sal maak aan ons sondige begeertes met die hulp van die Heilige Gees (Rom.8:13). Ons begeer dat ons lewe deur die Gees van God beheer sal word en dat ons nooit sal swig voor die begeertes van die sondige natuur nie. Laat die vrug van die Gees sigbaar word in die Kerk: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal.5:16-26). Help ons dat ons ons altyd goed sal gedra onder die heidene sodat hulle ons voorbeeldige lewe kan sien en U sal verheerlik (1Pet.2:11-12). Vergewe ons dat ons gefokus is op die behoeftes van die vlees. Help ons om ons gedagtes te fokus op die Gees om U sodoende te behaag (Rom. 8:5-8). Ons smeek U, verander ons deur ons gedagtes te vernuwe deur U Woord, sodat ons nie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar dat ons kan onderskei wat die wil van God is, wat vir U goed en aanneemlik en volmaak is (Rom.12:2).

11. Stort U Gees oor ons uit

Vader van ons Here Jesus Christus, dankie dat ons kan leef in die bedeling en tyd van die Heilige Gees, wat ons alles leer en herinner aan wat U gesê het en om ons te vertroos (Joh.14:26). Dankie dat ons aangeneem is as kinders deur die Heilige Gees, en dus vir U kan ken en U aanroep as "Abba Vader" (Rom.8:15; Gal.4:6; Ef.1:17). U het ons nie alleen agtergelaat nie, maar aan ons die Helper gegee (Joh.14:16,18; Joh.15:26).

Vergewe ons vir die menige kere waar ons die Heilige Gees van God bedroef of geignoreer het, geweier het om aan Hom onderdanig te wees en Hom weerstaan het (Ef.4:30; 1Tess.5:19; Hand.5:9). Bewaar ons om nooit teen die Heilige Gees te spreek, of te rebelleer of te lieg nie, sodat Hy teen ons draai en ons vyand word nie (Matt.12:32; Hand.5:3; Jes.63:10,11). Gee ons asseblief U Gees wat wysheid en insig, raad en sterkte gee en wat kennis verleen en eerbied vir die Here (Jes.11:2), sodat ons die wysheid en vrymoedigheid sal hê om U Woord te verkondig aan alle mense, selfs aan diegene in gesagsposisies (Dan.4:9; 5:11; Hand.4:18). Bekragtig ons met U Gees, sodat selfs al sou ons vervolg word, ons nogtans U Waarheid sal uitdra en nie sal swyg oor U liefde en die hoop wat ons in ons harte het nie (Hand.4:31). Stort U liefde in ons harte uit deur die Heilige Gees, sodat ons onvoorwaardelik kan liefhê (Rom.5:5). Die Gees wat U ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing (2Tim.1:7). Laat die vrug van die Heilige Gees sigbaar wees in en deur ons lewens (Gal 5:22-23). Kom, Heilige Gees, oortuig die wêreld van sonde, van ongeregtigheid en van oordeel (Joh.16:7-8). Laat die Kerk vermenigvuldig en leef in gehoorsaamheid aan die Here deur die krag van die Heilige Gees (Hand.9:31). Bekragtig ons deur U Gees sodat ons U getuies kan wees tot aan die einde van die aarde (Hand.1:8).

12. Laat alle mense U Stem hoor

Ons Vader in die hemel, U stem weerklink oor die nasies, U stem is magtig, ja, die stem van die Here is vol majesteit. U stem kloof die seders van die Libanon oop. U stem laat weerlig uitslaan. U stem laat die woestyn bewe, U stem laat die wildsbokke ruk van skrik, dit stroop die bosse kaal. In U paleis (die hart van die kerk) roep almal uit: "HOE GEWELDIG!" (Ps.29:1-9)

Vader, U het gesê: “Laat daar lig wees!” en daar was…. lig (Gen.1:3). U het U Seun na ons donker wêreld gestuur en die Woord het mens geword (Joh.1:1-14) .. en daar was lig…! Dankie dat U U Seun gestuur het, sodat ons die lig kan sien en die hoop in ons harte kan brand (Ef.1:18). U stem het vanuit die hemel ons beveel om na U Seun te luister (Mark.9:7). Jesus het gesê dat Hy die Goeie Herder is, en dat al Sy skape Sy stem ken (Joh.10:3-5; 14-16). Help ons om die waarheid van die leuen te onderskei en om waarlik U stem te ken (Joh.18:37), en as ons U stem hoor, help ons om nie hardkoppig te wees en teen U in opstand te kom nie (Heb.3:7-15).

Ons bid dat ons gemeenskap en ons land U stem sal hoor, al raas en wankel koninryke (Ps.46:6). Openbaar U mag ook aan diegene wat U nie ken of U gehoorsaam nie, sodat hulle voor U kan buig (Eks.5:2). Gee die regte woorde in ons mond sodat U stem deur ons hoorbaar word en regerings en leiers dit gehoorsaam en daarvolgens lewe (Mark.3:11). Help ons om naby U te bly sodat ons die boodskappe kan ontvang wat U deur die kerk wil sê (Deut.5:25-27). Gee ons ook die vermoë om die Evangelie te verkondig en te vertaal in die verskillende tale van die mensdom (Hand.2:11). Help ons om so naby U te leef dat ons die begeertes van U hart sal hoor en onsself beskikbaar stel in U diens (Jes.6:8).

13. Vir verhoudings in die kerk

Here Jesus Christus, U is die Hoof van die Liggaam, van die Kerk. Ons bely as Kerk dat ons nie U Liggaam korrek begryp het nie en dat ons meer van onsself gedink het as wat ons behoort te dink. Ons het vergeet dat ons baie lede in een liggaam is, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie, maar ons is almal afsonderlik lede van mekaar (Rom.12:3-5). Ons bely dat ons onsself verhef het oor wat ons in eiewaan van onsself gedink het, en nie aan die Hoof, Christus, vasgehou het nie. Die Liggaam het as gevolg hiervan gely, uit lid geraak en kon nie tot volwassenheid groei nie (Kol.2:18,19). Ons byt en verskeur mekaar en sommige lede is vernietig deur ons liefdeloosheid (Gal.5:14-15). Vergewe ons asseblief en herstel ons verhoudinge. U het die liggaam so saamgestel dat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra; dat ons saam sal ly, en saam bly sal wees as een van die lede eer ontvang (1Kor.12:24-27). Gee dat ons een sal wees net soos U en die Vader een is. Mag U gebed beantwoord word dat die Vader ons in U Naam sal bewaar, die Naam wat aan U gegee is, en dat ons eenheid sigbaar sal word in

ons liefde vir mekaar (Joh.17:11), want as ons mekaar liefhet, sal almal weet dat ons U dissipels is (Joh.13:35).

Ons bid dat U ons, die Kerk sal herstel volgens die doel wat U vir ons bestem het nog voor U die mens geskape het (Ef.2:15; Ef.3:10.11). Wanneer ons mekaar aanvaar in eensgesindheid, word U Naam geloof (Rom.15:7).

14. Die bloed van Jesus Christus

Volgens die Skrif word alles met bloed gereinig, en sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergifnis plaas nie (Heb.9:22). Ons kom na U Here Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond (Heb.12:24). Dankie dat U U liefde vir ons juis hierin bewys het dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Rom.5:8). Ja, U het Hom gegee as offer, wat deur Sy bloed versoening bewerk het vir die wat glo. Christus het gekom as Hoëpriester en met Sy eie bloed het Hy die heiligdom binnegegaan en ‘n ewige verlossing tot stand gebring (Rom.3:25; Heb.9:11-12). Met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is, is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God (1Pet.1:18-19; Ef.1:7; Kol.1:14). Deur U groot liefde het U ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak (Ef.2:5,13). Deur die bloed van U Seun aan die kruis het U die vrede herstel en is ons met Uself, ons Hemelse Vader, versoen (Rom.5:9; Kol.1:20).

Here Jesus Christus, deur U bloed is ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien (Heb.9:14). Uit liefde vir ons het U ons deur U bloed van ons sondes verlos (Openb.1:5; 1Joh.1:7) en het U ons uitverkies en deur die Gees afgesonder en besprinkel met U bloed (Heb.13:12; 1Pet.1:2). Deur U bloed het ons die oorwinning oor Satan behaal (Openb.12:11).

Nou vra ons, O God wat vrede gee, mag U ons toerus met alles wat goed is, sodat ons U wil kan doen. Mag U deur Jesus Christus in ons tot stand bring wat vir U aanneemlik is. Aan U behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen (Heb.13:20-21).

15. Vir die kerk om God se doel te bereik

Here Jesus Christus, mag U deur U kerk geopenbaar word en deur die Skrif bekend gemaak word sodat nasies in U kan glo en aan U gehoorsaam kan wees (Rom.16:25-27). Vader, vestig die getuienis van Christus in die kerk. Ons bly vol verwagting uitsien na die verskyning van ons Here Jesus Christus. Gee dat ons nie aan een genadegawe sal ontbreek nie, sodat ons ons taak kan uitvoer en dat ons tot aan die einde vas sal staan sodat daar geen aanklag teen ons sal wees op die dag wanneer ons Here Jesus Christus kom nie (1Kor.1:4-8).

Vader, met danksegging en smeking bid ek dat liefde en geloof in die kerk sal toeneem. Sal U, die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur U Gees aan ons wysheid gee en U so aan ons openbaar dat ons U werklik kan ken en U bekend maak aan die mense in ons gemeenskap. Ek bid dat U ons geestesoë so verhelder dat ons kan weet watter hoop U roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat U vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot die krag is wat U uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van U mag wat U uitgeoefen het toe U Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan U regterhand laat sit het; hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees - nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. Here God, U het alles aan Hom onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is Sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul (Ef.1:15-23).

Sal U die kerk as ‘n huis van gebed herstel sodat die kerk in gebed sal volhard met waaksaamheid en dankbaarheid (Kol.4:2). Dag en nag bid ons met ons hele hart tot U om aan te vul wat die kerk nog aan hul geloof ontbreek. Mag U ons liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei en oorvloedig maak. Maak ons innerlik sterk dat ons onberispelik en heilig voor U, ons Vader, sal staan wanneer ons Here Jesus kom saam met al Sy heilige engele (1Tess.3:9-13). Vader, ons bid met vertroue dat U wat die goeie werk in ons begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom (Fil.1:6).

16. Vir die vrees van die Here

Here God Almagtig, U is groot, al die lof kom U toe, ontsagwekkend is U bo alle gode (1Kron.16:25). Here, U vra vir gehoorsaamheid, dat ons U met ons hele

hart sal dien en sal let op die groot dinge wat U vir ons gedoen het (1 Sam.12:20-24).

Wysheid begin met die dien van die Here; almal wat dit doen, het ware insig (Ps.111:10). Here, U belowe dat as ons wysheid kortkom, U dit vir ons sal gee, ons vra vir wysheid (Jak.1:5) en dat U ons sal leer om U te vrees. Dit is die Here wat sorg vir dié wat Hom eer, vir dié wat op sy mag vertrou om hulle van die dood te red en hulle in die lewe te hou in hongersnood. Ons vertrou op U Here: U is ons hulp en ons beskermer (Ps.33:18-22). Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom dié wat die Here dien, en red hulle. Ons wil kom en ondervind en sien dat U goed is! Dit gaan goed met die mens wat by U skuil. Wie U dien, het geen gebrek nie (Ps.34:7-10).

Vader, ons bid dat almal in ons gemeenskap en ons land U sal vrees, laat die hele aarde die Here vrees, laat al die bewoners van die wêreld vir Hom ontsag hê (Ps.33:8). Mag U Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE, KRAGTIG OP ONS RUS (Jes.11:2 Ou Vertaling). Mag die mense in ons gemeenskap en ons land kies om U te vrees. U het ons verootmoedig en ons laat hongerly, om aan ons bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die HERE uitgaan. U het ons onderrig soos ’n man sy seun onderrig, sodat ons U kan leer vrees (Deut.8:3-6). Leer ons, HERE, U weg: ons sal in U waarheid wandel; verenig ons harte tot die vrees van U Naam (Ps.86:11 Ou Vertaling). Help ons om weg te bly van die kwaad en te doen wat goed is, om vrede te soek dit na te jaag (Ps.34:13-14). Ons kies dan vandag om net vir U te dien en te vrees (Jos.24:14-15).

17. Vir U plan vir families en kinders

Vader van ons Here Jesus Christus, ons kniel in gebed voor U aan wie die hele gemeenskap van families hul bestaan te danke het (Ef.3:14,15).

Aangesien alle families hulle oorsprong by U het, vra ons dat U die families in die wêreld sal heelmaak en herstel. Ons erken en bely dat meeste van die pyn wat families beleef, voortspruit uit ons eie sondige weë. Ons bely dat ons nie geleef het volgens U standaarde in ons huwelike, in die opvoeding van ons kinders en in die versorging van die wees en weduwees nie (Jes.1:23). Ons het U opdrag geignoreer dat mans hul vroue moet liefhê en versorg soos Jesus die

kerk versorg en dat vrouens hul mans moet respekteer en aan hul onderdanig moet wees soos die kerk aan Jesus onderdanig is (Ef.5:22-33; 1Pet.3:7).

Deur U bloed kan daar weer versoening kom (2Kor.5:18). Wees ons genadig. Ons bely ook dat ons as kinders ongehoorsaam aan ons ouers is en dat ons hulle nie eerbiedig soos U ons beveel het nie (2Tim.3:2; Eks.20:12). As pa's en ma's het ons nie die regte voorbeeld vir ons kinders gestel ten opsigte van ons geestelike lewens nie. Ons is die oorsaak dat hulle struikel en opstandig teenoor ons optree. Ons het nagelaat om hulle van U te vertel en U daardeur van U eer beroof. Hulle het ontrou teenoor U geword en teen U gerebelleer (Ef.6:4-6; Ps.78:4-8). Ons het U reiniging en heling nodig, kom en was ons gesinne met U Woord (Ef.5:26).

Verlos ons van die Bose, verwyder alle wortels van bitterheid, haat en onvergewensgesindheid onder ons. Maak ons verhoudings met mekaar mooi.

18. Vir Genesing deur Christus

Ek wil die Here loof met alles wat in my is en nie een van Sy weldade vergeet nie. Dis Hy wat al my sonde vergeef en al my siektes genees! (Ps.103:2-3). U is God, ons GENEESHEER (Eks.15:26). U het U Seun, Jesus Christus, aan ons gegee. Hy het ons lyding op Hom geneem en ons siektes het Hy gedra. Oor ons oortredings is Hy deurboor; oor ons sondes is Hy verbrysel. Die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. U het al ons sondes op Hom laat afkom. Omdat Hy die sondes van baie op hom geneem het, kan Hy nou vir oortreders bid (Jes.53:1-12).

U het Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag, om die evangelie van die koninkryk te verkondig en om elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond te maak, asook bevryding van bose magte (Matt.4:23-24; Hand.10:38). Die Son van Redding het waarlik opgekom met genesing in sy strale (Mal.4:2).

Here Jesus Christus, ons gemeenskap het U helende aanraking nodig. Maak ons tog gesond; ons het teen U gesondig (Ps.41:4). Genees die gebrokenes van hart, bevry diè wat deur sonde opgesluit is en diegene wat deur verslawing of self-opgelegte bande, korrupte gedagtes of geestelike vestings gevange gehou word (Jes.61:1). U het belowe dat as ons, oor wie U Naam uitgeroep is,

berou toon en bid en vra na U wil en terugdraai van ons bose weë, sal U luister uit die hemel, ons sonde vergewe en ons land genees (2Kron.7:14). Ons volk het U genesing nodig. Vervul U belofte en bring genesing as ons ons voor U verootmoedig.

19. Vir Vervolging en lyding

Here Jesus Christus, U het ons geroep om in U voetspore te volg, selfs in lyding. U is beledig en vals beskuldig, maar het nooit teruggedeins nie en die wraak aan Hom wat regverdig oordeel, oorgelaat (1Pet.2:21-24). U lyding was nodig sodat ons vergifnis van sonde kon ontvang (Luk.24:46-47), en deurdat U gehoorsaam en gewillig was om te ly, is ons regverdig verklaar. U noem die wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is; geseënd, en verseker ons van ‘n groot beloning in die hemel wanneer ons diegene wat ons vervolg en beledig ter wille van U naam, seën (Matt.5:10-12). Help ons om ons ook met diè gedagte te bewapen en so volgens U wil te lewe (1Pet.4:1,19), en sou dit lyding insluit, dat ons soos die vroeë kerk, ons daarin verheug dat ons bevoorreg was om ter wille U Naam te ly (Hand.5:41; Fil.1:29; 2Tess.1:5-6). Help ons om die doel van lyding te verstaan, siende dat Paulus verduidelik dat almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, ook vervolg sal word (Rom.8:17; 2Tim.3:12). Help ons om soos Paulus te sê: “Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van Sy opstanding te ondervind en deel te hê aan Sy lyding deur aan Hom gelyk te word in Sy dood.” (Fil.3:10-11).

Ons bid dat U diegene, wat ter wille van U Naam ly en vervolg word, sal oprig, bemoedig en versterk (1Pet.5:10). Gee ons vrymoedigheid om U Woord te verkondig, al word ons gedreig of vervolg (Hand.4:29). Help ons om gehoorsaamheid te leer deur dit wat ons ly (Heb.5:8).
Ons bid dat diegene wat U kerk vervolg, ‘n ontmoeting met U sal hê en vra dat U hulle genadig sal wees.

20. Vir ons Regering

Here, U verander omstandighede en U stel konings aan en vervang hulle. (Dan.2:20-22). Vader, met smeking, voorbidding en danksegging nader ons U troon vir konings, ons regering, en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons ‘n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan U en in alle eerbaarheid.

So is dit goed en aanneemlik vir U, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom (1Tim.2:1-4). Ons regeerders se wil staan onder U gesag, Here. Lei U dit soos ‘n stroom water soos U verkies (Spr.21:1). Verwyder die goddelose raadgewers uit die teenwoordigheid van ons regeringsleiers, die president, ministers en ander leiers sodat hulle regverdig kan regeer (Spr.25:5). Mag hierdie regering regverdig regeer sodat ons veilig kan woon (Spr.29:4). Laat ons regering reg laat geskied aan arm mense sodat ons stabiliteit mag hê (Spr.29:14).

Toon aan die president, die kabinet en al die regeringsleiers wat goed is en wat U van hulle verlang. Werk in hulle harte sodat hulle reg sal laat geskied, dat hulle liefde en trou sal bewys, en dat hulle bedagsaam sal lewe voor ons God (Miga.6:8). Here God, vul die harte van ons regeerders met liefde en getrouheid wat hulle sal bewaar sodat ons veiligheid en vrede kan beleef (Spr.20:8). Stuur asseblief U Heilige Gees in ons regeringsgeboue en plekke waar ons leiers vergader om wette en besluite te maak en oortuig hulle van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh.16:8-11).

As kerk bid ons dat U die regering sal bewaar teen die magte van hierdie donker wêreld en dat hulle nie betrokke sal raak in toordery, afgodery of enige vorm van okkultiese bedrywighede nie. As kerk weerstaan ons die duiwel waar hy probeer om die regering aan te val, versoek en mislei (Jak.4:7). Ons bid vir ‘n kerk wat U Woord profeties sal uitdra aan die regering; ‘n Kerk wat bereid sal wees om daarmee vol te hou, tydig en ontydig, wat sal weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee (2Tim.4:2).

21. Om vervul te wees met U Woord

Deur die WOORD van die Here is die hemele gemaak (Ps.33:6). Hy hou alle dinge deur Sy MAGSWOORD in stand (Heb.1:3). U WOORD is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart (Heb.4:12). U WOORD is soos ‘n vuur, soos ‘n hamer, waarmee klippe stukkend gebreek word (Jer.23:29). U WOORD is die swaard van die Gees (Ef.6:17) en so sal elke WOORD wat uit U mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na U toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat U gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor U dit gestuur het (Jes.55:11).

U, wat Uself deur die WOORD openbaar (1Sam.3:21), open ook ons verstand om die Skrif te verstaan (Luk.24:45), en gee ons deur U Gees wysheid en openbaring dat ons U kan ken (Ef.1:17). Mag U WOORD die lamp wees wat ons die weg wys, die lig op ons pad (Ps.119:105). Laat U WOORD ons op die regte pad hou (Ps.119:133). Laat ons leef van elke WOORD wat uit U mond kom (Deut.8:3; Matt.4:4). Dankie dat U WOORD ons reg snoei (Joh.15:3; Ef.5:26). Dit is U WOORD wat my genees en my aan die dood laat ontkom (Ps.107:20).

Laat U WOORD in sy volle rykdom in my bly sodat ek ander kan leer en onderrig (Kol.3:16) en die Bose kan oorwin (1Joh.2:14) Gee dat by die aanhoor van U WOORD, geloof in my sal groei (Rom.10:17).

Vestig U WOORD in ons stede en nasies, laat dit kragtig groei en versprei (Hand.19:20). “Die mens is soos gras, en al sy prag soos ‘n veldblom; die gras verdor en die blom val af, maar die WOORD van die Here, dit bly vir ewig.” (1Pet.1:24,25).

22. Om die Bose te Weerstaan

Hemelse Vader, soos U Uself al van ewigheid af voorgeneem het om deur Christus Jesus, ons Here, tot uitvoering te bring; het U deur die kerk die ryke verskeidenheid van U wysheid bekend laat word aan elke mag en gesag in die hemelruim (Ef.3:10). Ons bid dat U, wat Jesus gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig, ook in ons gemeenskap vrylating vir gevangenes sal uitroep en gesig vir blindes sal herstel en onderdruktes in vryheid sal uitstuur (Luk.4:18). U het aan U Seun alle mag in die hemel en op die aarde gegee, en voor Sy Naam sal elkeen die knie buig en elke tong erken dat Jesus Christus die Here is (Matt.28:18; Fil.2:10,11). Mag dit ook in ons gemeenskap gebeur.

Seun van God, U het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak, mag dit ook in ons gemeenskap gebeur (1Joh.3:8). Bevry ons gemeenskap van die mag van die Duisternis en plaas ons onder die heerskappy van U Seun (Kol.1:13,14). Ons bid vir ons gemeenskap dat U die oë van ongelowiges sal oopmaak, sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig, en die mag van die Satan tot God, kan bekeer. Dat hulle sondes ook vergewe sal word deur in U te glo en sal deel word van die volk van God (Luk.9:1-2; Matt.28:18,19;

Hand.26:17,18). Daarom bid ons, God van vrede, dat U Satan spoedig onder ons voete sal verpletter (Rom.16:20). Dankie dat ons ons met U wapens kan klee, en op ons pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug (Ef.6:10-18; Jak.4:7; 1Pet.5:9). Ons verklaar dat Hy wat in ons is, groter is as die duiwel wat in die wêreld is (1Joh.4:4).

23. Vir die Vaderskap van God om geopenbaar te word

Ewige Vader, U is ons Skepper, wat ons gemaak en gevorm het (Deut.32:6). Ons verklaar: U is ons Vader (Ps.89:27; Jes.63:16). Here, ons is klei en U het ons gevorm, ons is almal die werk van U hande (Jes.64:8). Daarom, saam met die menigte van nasies in die wêreld verklaar ons: “Ons glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde.” Dankie vir U verbondsbelofte dat U vir ons ‘n Vader is en ons U seuns en dogters is (2Kor.6:18). Openbaar Uself aan die Kerk en aan die gemeenskap as die Vader, die Een van wie elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom en wat nie verander of verduister nie (Jak.1:17).

Ons wil U, wat van die begin af daar was, ken, die Een wat is en was en wat vir altyd sal wees (1Joh.2:13,14; Joh.17:1-4). Ons begeer om net soos Abraham en Moses, in ‘n persoonlike verhouding van aangesig tot aangesig met U te leef. Vader, soos ‘n seun sy vader eer en ‘n slaaf sy eienaar, wil ons U eer en respekteer (Mal.1:6). Net soos U Seun U voor die hele mensdom verheerlik het, begeer ons om U voor die mensdom te verheerlik (Joh.17:4).

Openbaar Uself as 'n Vader vir weeskinders en ‘n beskermer van die reg van weduwees (Ps.68:6). Die Gees wat aan ons gegee is, maak ons nie tot slawe nie en laat ons nie weer in vrees lewe nie; nee, ons het die Gees ontvang wat ons tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba, Vader”! (Gal.4:5-7; Rom.8:15,17). Ons begeer om ware aanbidders te wees; daarom, leer ons Vader, om U deur die Gees en in waarheid te aanbid (Joh.4:23).

24. Vir die redding van ongelowiges

Vader, laat U koninkryk kom, laat U wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel (Matt.6:10). Ons bid vir die redding van mense uit elke nasie, stam, volk en taal – sodat 'n groot menigte eendag voor die troon en voor die Lam sal staan (Openb.7:9).

Ons bid dat die nasies van die wêreld, asook ons ongeredde vriende en familie met U sal versoen, want dit is nie U wil dat die goddelose moet sterf nie, maar dat hulle hul sal bekeer van hulle verkeerde dade en dat hulle bly lewe (Eseg.18:23).

Here Jesus, U is die Lam van God wat die sonde van die wêreld vergewe en ons van alle ongeregtigheid reinig (1Joh.1:9). Bekeer U die nasies van die wêreld tot U, dan sal hulle bekeer wees (Klaagl.5:21). Deur die werking van die Heilige Gees, bid ons dat U die mense in ons gemeenskap sal oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh.16:8). Mag duisende in U kerk reageer wanneer U vra: "Wie kan Ek stuur?" Maak hulle gewillig om te gaan. Laat hulle net soos Jesaja sê: "Hier is ek! Stuur my!" (Jes.6:8). Ons sien dat die oes groot is, maar die arbeiders min. Daarom bid ons tot U, die Here van die oes, stuur arbeiders uit vir U oes (Matt.9:37-38). Mag Christene regoor die wêreld hulle oë oopmaak en sien dat die lande ryp is vir die oes (Joh.4:35). Gee dat die Kerk opnuut sal besef dat U ons roep om uit te gaan die hele wêreld in om die evangelie aan die hele mensdom te verkondig (Mark.16:15).

Here God, ons vra dat U saam sal getuig deur tekens en wonders, en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos U dit toebedeel het volgens U wil (Heb.2:4).

25. Vir U koninkryk om te kom

Vader, ons bid: laat U koninkryk kom, laat U wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel (Matt.6:9,10). Die mense moet weet van U krag, van U koninklike mag en majesteit. U koningskap is 'n koningskap vir alle tye, U heerskappy strek oor die geslagte heen (Ps.145:11-13).

Vergewe ons dat ons so gefokus was op ons eie behoeftes en om ons eie koninkryke te bou, terwyl U huis in puin lê (Hag.1:4-8). Open ons geestesoë dat

ons kan weet watter hoop U roeping inhou en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat U vir ons bestem het en hoe geweldig groot U krag is wat U uitoefen in ons wat glo (Ef.1:18-21). Ons buig ons knieë en erken die gesag van die Naam van Jesus en dat Jesus Christus die Here is! (Fil.2:10-11).

Ons bid dat nog baie meer die Woord sal hoor en dat die saad op voorbereide harte sal val, sodat daar ‘n groot oes van siele sal wees in ons generasie (Matt.13:3-23). Ons verklaar nou aan al die nasies: “Verbly julle, O poorte; wees bly, eeue-oue deure, want die magtige Koning wil ingaan!” (Ps.24:7).

Ons loof en eer U, Allerhoogste, U wat vir ewig leef (Dan.4:34). U heerskappy is ‘n ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie; U koningskap sal nie ophou nie. U heiliges, Allerhoogste God, sal die koninklike heerskappy ontvang en dit vir altyd besit (Dan.7:9,10,13,14,18). Aan U wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid!” (Openb.5:13).

26. Verlos ons van die Bose

Here Jesus, U het ons leer bid: laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose (Matt.6:13). Here Jesus, deur U dood en opstanding het U elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in U triomftog mee te voer (Kol.2:13-15). U het verklaar dat U die kerk sal bou, en die magte van die doderyk sal nie U kerk oorweldig nie (Matt.16:18). Ons bid vir bevryding van demoniese besetting. Ons bid vir die vernietiging van bose vestings en redenasies wat die verspreiding van die evangelie en die kennis van God teenstaan. Ons weerstaan die plan van Satan om volkere in duisternis te hou (2Kor.10:4; Jak.4:7). Ons bid, Here Jesus, dat U die sluier oor mense se oë sal wegneem sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer (Hand.26:17-18). U Woord verklaar dat geen dood of lewe of engele of magte of kragte of enigiets anders in die skepping ons van die liefde van God kan skei nie (Rom.8:38-39). Dankie Here, dat U verklaar dat U ’n deur vir die evangelie oopgesluit het en niemand kan dit weer toesluit nie. Ons bid vir die verspreiding van die evangelie na alle nasies (Openb.3:8). Verhinder die bose wat geweld en dood veroorsaak. Verbreek die greep van slawerny en dwingelandy. Vervul ons met U Gees om vreesloos en getrou U Woord te verkondig (Hand 1:8). Gee ons 'n

gees van welwillendheid en van berou sodat ons kan huil oor die wat verlore gaan (Sag.12:10).

Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Ons verklaar aan die nasies: "Verbly julle, poorte, wees bly, eeue-oue deure, want die magtige Koning wil ingaan!" (Ps.24:7).

27. Die armes en behoeftiges

Vader, ons bid vir al die armes en behoeftiges in ons gemeenskap en in ons land. U Woord leer dat daar altyd armes in die land sal wees, en daarom het U ons beveel om vrygewig te wees teenoor ons medemens wat in nood en arm is (Deut.15:11).

Here, laat die geringes uit die stof opstaan en hef die armes op van die ashoop af (1Sam.2:8). Omdat U die toevlug van die hulpelose is, sal daar niks kom van die bose planne teen hulle nie (Ps.14:6). Sal U asseblief luister na die wat swaarkry en hulle nie teleurgestel laat in hulle verwagting nie (Ps.34:6). Here, wie is soos U wat die swakke bevry van dié wat sterker is, die swakke en die arme van dié wat hom beroof? (Ps.35:10). U beveel ons om reg te laat geskied aan die mens in nood en aan die weeskind, ’n regverdige uitspraak vir die hulpelose en die behoeftige te lewer, die mens in nood en die arme te bevry en hulle uit die mag van die goddelose te red (Ps.82:3-4). Vader, U wil is dat die grond genoeg kos vir die armes sal lewer, maar waar daar nie wet en orde is nie, word die kos van hulle af weggevat. Beskerm hulle asseblief, Vader (Spr.13:23). Ons bid vir die kerk en die gemeenskap om ruim te gee vir die armes, want wie hom oor ’n arm mens ontferm, gee ’n lening aan die Here en Hy sal hom ten volle vergoed (Spr.19:17).

Ons bid dat meer Christene sal verstaan dat 'n regverdige mens besorg is oor die reg van arm mense (Spr.29:7) en sal praat vir dié wat self nie hulle sê mag sê nie, en opkom vir die reg van dié wat ten gronde gaan en reg sal laat geskied aan die armes en ellendiges (Spr.31:9). Gee ons 'n gewilligheid en begeerte om ons kos met die wat honger is, te deel en skuiling te bied aan die wat dit nodig het en klere te gee vir die naaktes (Spr.28:7). Mag die evangelie aan hulle verkondig word (Matt.11:5) en laat die armes U Naam prys (Ps.74:21).

28. Vir die kerk

Ons bid tot God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, dat ons eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê. Dat ons almal eensgesind uit een mond lof kan toebring aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus. Help ons om mekaar te aanvaar soos Christus ons ook aanvaar het, tot eer van God (Rom.15:5-7). Mag U, Here, die bron van hoop, ons deur ons geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat ons hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees! (Rom.15:13).

Vader van ons Here Jesus Christus, aan U kom al die lof toe! U is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. In elke moeilikheid bemoedig U ons. Daarom kan ons weer ander bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee U ons bemoedig (2Kor.1:3-5). Ons bid tot God dat Christene niks verkeerds sal doen nie (2Kor.13:9). Here Jesus, ons bid vir alle Christene dat Christus in hulle gestalte sal kry (Gal.4:19). Ons kniel in gebed voor U, Vader aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. Ons bid dat U deur U Gees uit die rykdom van U heerlikheid aan ons die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in ons harte sal woon en dat ons in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag ons in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag ons U liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag ons heeltemal vervul word met die volheid van God. Aan U wat deur U krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan U kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen (Ef.3:14-21).

29. Vir die kerk

Vader, ons bid vir al die gelowiges dat wanneer ons praat, God ons die woorde sal gee dat ons die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekendmaak (Ef.6:18-19). Ons bid dat God vir ons ’n deur vir die Woord oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig. Ons bid dat ons dit duidelik sal verkondig soos dit ons opgelê is (Kol.4:3-4). Vader, ons stry saam met al die gelowiges dat U die mense wat die evangelie verkondig, veilig sal hou tussen al die ongelowiges en dat hulle woorde aanvaarbaar sal wees vir almal wat dit aanhoor (Rom.15:30-32). Ons bid dat almal wat in diens staan van Christus Jesus, staande mag bly, geestelik volwasse en in alles volkome gehoorsaam aan die wil van God sal wees (Kol.4:12). Here, die Gees wat U

ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag, liefde en selfbeheersing (2Tim.1:7). Vader, ons bid dat ons sal volhard in die gebed, waaksaam en dankbaar sal wees (Kol.4:2). Ons bid vir 'n kerk wat dag en nag tot U sal roep en dat U dan aan ons reg sal doen (Luk.18:7;1Tess.3:9-13). Dankie Vader, dat ons daarvan oortuig kan wees dat U, wat die goeie werk in ons begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom. Ons gebed is dat ons liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal ons op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal ons geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot Sy lof en eer (Fil.1:6-11).

30. Vir die kerk

Here, omdat U naby is, sal ons oor niks besorg wees nie, maar in alles ons begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan U bekendmaak. En mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, oor ons harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus (Fil.4:5-7). Here Jesus, as die kerk bid ons dat U in elke behoefte van ons ryklik voorsien volgens U wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus (Fil.4:19-20). God, U wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal U ook aan ons saad gee en dit laat groei en ’n ryk oes oplewer. Ons bid dat U ons in alles ryk genoeg sal maak om by elke geleentheid vrygewig te kan wees en dat ons vrygewigheid tot gevolg sal hê dat U gedank word (2Kor.9:10-11).

Ons vra dat U deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, U deur U kerk sal laat ken, sodat ons tot U eer sal lewe deur net te doen wat U verlang. Mag ons vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God (Kol.1:9-11).

Daarom bid ons ook altyd dat U ons waardig sal maak vir die lewe waartoe U ons geroep het, en deur U krag ons liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome sal maak. Ons bid dit sodat die Naam van ons Here Jesus deur die kerk verheerlik sal word (2Tess.1:11-12). Vader, ons bid ook dat U ons van verkeerde en slegte mense sal verlos. U is getrou; U sal ons versterk en ons van die bose bewaar. Rig ons gedagtes op die liefde van God en die volharding van Christus! (2Tess.3:1-5).